



God, 'n Persoonlike Realiteit

Saamgestel deur Harry van Huyssteen

Matteus 28 Bediening

matthew28@matthew28.co.za

www.matthew28.co.za

Weergawe: 1,1,1:02/6/2020

Inhoudsopgawe

Inhoud.....	1
Goddelike Openbaring.....	2
Inleiding.....	2
Wat is die beginsels vir Goddelike openbaring?.....	3
Wanneer en hoe openbaar God Hom aan 'n mens?	3
Outentieke Skrif.....	3
Wat is die Tanakh?	4
Wat is die Torah?.....	4
Wat is die Neviim?	4
Wat is die Ketuvim?	4
Hoekom word die Tanakh as outentiek beskou?.....	4
Behoud van die oorspronklike Skrif en Boodskap.	4
Detail wat in die Tanakh aangetref word wys dat dit nie fiksie is nie.....	5
Gedetailleerde Profesieë wat waar geword het bewys Goddelike openbaring.....	5
God is as Persoon by die mens betrokke.	15
Jy is met 'n doel geskape	15
Wat is 'n Verbond?	15
Die Goddelike Verbonde is hoofsaaklik in twee kategorieë:	16
Onvoorwaardelik.....	16
Voorwaardelik	16
God 'n Persoonlike Realiteit.	23
Vernuwing van denke	23
Ewig Onveranderd Realiteit.....	25
Watter rol vervul God in my lewe vandag?.....	26
Die Koning	27
Die Goddelike Hoëpriester.....	31
Die Profeet.....	32
Wat van onsekerheid?.....	34
Tipiese vrae waarmee mense worstel	35
Vraag: Wat van Mitologie?	35
Vraag: Is die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament?.....	37
Wat wil die Satan hê jy moet glo?.....	37
Afsluiting.....	38

Goddelike Openbaring

Inleiding

Het jy sekerheid dat God bestaan? Besef jy dat jy sekerheid kan hê oor die ewige lewe? Jy word hiermee genooi om die wonderlikste ontdekking te maak oor die belangrikste realiteit van jou lewe.

Wanneer daar gesê word dat die ewige lewe 'n werklikheid is, word daar terselfdertyd ook gesê dat:

- Daar is 'n God wat die ewige lewe moontlik maak. 'n God wat die ewige lewe gee, en kan gee. Hy is die Skepper van die ewige lewe en dit onderskei Hom van enige ander wese of menslike versinsel.
- God Hom bemoei met die mens en Hom op 'n besondere wyse aan die mens openbaar. Die Hebreuse Geskrifte (Tanakh) is 'n baie goeie voorbeeld hiervan. Dit is ongetwyfeld deur God daargestel om die mens geleentheid te gee om kennis oor Hom op te doen. In hierdie skrywe sal jy sien hoekom daar so gesê word. Dink aan die volgende:
 - Wonderwerke het plaasgevind. Daar is dus 'n intelligente God met 'n persoonlikheid wat agter dit staan.
 - Die wonderwerke is nie slegs vreemde natuurverskynsels nie maar goedgesind en doelgerig. Dit hou openbaring oor God in, tot heil van die mens.
 - Die Tanakh het ontstaan deurdad mense neergeskryf het van die wonders wat hulle God sien doen het deur rigters, profete en priesters.
 - God praat met mense wat Hom ken sodat ander mense Hom ook kan leer ken. Die Skrif sluit ook profesieë in waar God deur profete toekomstige gebeure voorspel het. Hierdie profesieë het waar geword lank nadat die profete oorlede is. Dit wys dat God van buite ruimte en tyd met die mens praat. Hy is dus as Persoon betrokke by Sy skepping en het besluit om Homself op 'n spesifieke wyse te openbaar. Die profesieë wat waar geword het bevestig ook dat die profete die woorde van God weergegee het. Die profesieë vereer nie die profeet nie, maar stel God bekend.
 - God het onderskeid gemaak tussen Sy boodskap, Sy boodskappers en die wonderwerke wat die boodskappers outentiek maak. Profesieë is gemaak om God aan die mens te openbaar sonder om die mens van sy vermoë om 'n vrye keuse te maak, te ontnem.
 - Meer as 2000 profesieë kan in die Tanakh gesien word wat handel oor die land Israel, sy mense en relevante gebeure. Meer as 300 daarvan handel oor 'n spesifieke Persoon, die Messias. As dit nie genoeg is nie, is meer as 60 van hierdie Messiaanse profesieë baie spesifiek en is in detail volbring.
 - Die volmaakte bediening van die Messias op aarde, getrou en soos voorspel in die Tanakh, maak God 'n persoonlike realiteit vir enige mens wat Hom aanneem. God het dus die mens se aandag op Homself gevestig en Hy het Sy Persoon, en Wese, deur die Messias geopenbaar.

Ons raak soms in redenasies vasgevang oor die vraag: "Is daar 'n God?" Dit kan interessante onderwerpe soos "evolusie" en "big bang" insluit, maar dit lei nie tot persoonlike sekerheid nie. Dit beperk jou tot menslike wysheid. Dit is soos om die vorm en bestanddele van 'n koperdraad te bespreek maar nie bewus te wees van die elektrisiteit wat daarin vloei nie. Slegs wanneer jy aan die draad raak sal jy die elektrisiteit voel. Dit bring ons by die vraag:

Wat is die beginsels vir Goddelike openbaring?

Die werke van die Skepper is duidelik sigbaar in die natuur. Om Sy Wese te ervaar, is egter 'n persoonlike voorreg. Hiervoor is taal, inhoud en begrip nodig. Jy kan nie aan 'n eenjarige baba 'n storie vertel nie want hy beskik nog nie oor die taal om dit te verstaan nie. Hoe meer die kind se taal ontwikkel, ontwikkel sy begripsvermoë en kan hy meer en meer kennis opdoen deur dit wat hy beleef. Dit wat hy (of sy) beleef kan nou verwoord en in sy gedagtes verbeeld word tot dit wat sin maak. God praat met die mens deur die Hebreeuse Geskrifte sodat ons kennis oor Hom kan opdoen. Dit word God se Woord wat ons help om God te leer ken. Dit staan bekend as die Tanakh wat vandag volledig in die Ou Testament van die Bybel gelees kan word.

Ongeveer 'n duisend jaar voor Christus getuig die Psalmidigter soos volg. As daar gesê word dat iemand getuig, beteken dit dat hy, of sy, van persoonlike ervaring praat. Met ander woorde, nie 'n mite of 'n drogbeeld nie, maar 'n dialoog en persoonlike ervaring met die Skepper:

"⁹Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord. ¹⁰Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u geboorte nie. ¹¹Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. ¹²Lofwaardig is U, o Here! Leer my u insettinge! ¹³Ek het met my lippe vertel al die verordeninge van u mond. ¹⁴Ek is vrolik in die weg van u getuigenisse soos oor allerhande rykdom. ¹⁵Ek wil u bevele oordink en op u paaie let. ¹⁶Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie." (Psalm 119:9-16)

"¹⁰²Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want Ú het my geleer. ¹⁰³Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond. ¹⁰⁴Uit u bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad. ¹⁰⁵U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." (Psalm 119:102-105)

Wanneer en hoe openbaar God Hom aan 'n mens?

Wanneer 'n mens die Persoon van God eerbiedig en met 'n oop gemoed na Hom soek, sal Hy Hom aan jou openbaar. Daar staan geskrywe:

- "God het uit die hemel neergesien op die mensekinders om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra." (Psalm 53:3)
- "En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart." (Jeremia 29:13)
- "Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie." (Jeremia 33:3)

Wanneer jy God innooi in jou lewe en jou besig hou met Sy Woord, leer jy Hom ken as Profeet, Priester en Koning van die ewige lewe. Soos jy opgevoed word in kennis van Hom, word Hy 'n persoonlike realiteit vir jou, jy kan Hom erken en Sy Gees kan in jou woon. Hy is dus nie meer 'n eksterne bo-natuurlike wonderwerk nie, maar deel van jou en konseptualiseer met jou.

Ongeveer 1000 jaar voor Christus getuig Dawid soos volg: *"¹¹Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. ¹²Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. ¹³Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. ¹⁴Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees." (Psalm 51:11-14)*

Outentieke Skrif

Die Hebreeuse Geskrifte is ongetwyfeld deur God geïnspireer. Dit is deur 'n uitverkore volk, die nageslag van Abraham, teweeg gebring tot openbaring aan alle mense op aarde. Dit is ongetwyfeld outentiek en ons gaan kyk hoekom so gesê word.

Wat is die Tanakh?

Dit bestaan uit die Torah (Wet), die Neviim (Profete) en die Ketuvim (Geskrifte). Gesamentlik word daarna verwys as die Tanakh. Dit is ook saamgevat in die Bybel en staan bekend as die Ou Testament. Hierdie Geskrifte is tussen 2400 en 3800 jaar oud en bevat 'n gemeenskaplike boodskap van sekerheid oor die ewige lewe.

Wat is die Torah?

Die Torah is Hebreeuse Geskrifte wat bestaan uit die volgende boeke: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Dit staan ook bekend as die Pentateug, of die Vyf Boeke van Moses. Dit word ook in die Bybel aangetref as die eerste vyf boeke van die Ou Testament. Die Torah is 'n versameling van antieke geskrifte wat handel oor die openbaring van God aan Israel, die Joodse mense. Die Joodse mense het as getuies opgetree sodat die hele wêreld tot kennis van God kan kom. Dit sluit ook God se leringe en leiding vir die mens in en die belofte van toekomstige openbaring. Die Torah dateer van ongeveer 1312 jaar voor Christus.

Wat is die Neviim?

Die Neviim is 'n versameling van profetiese Geskrifte: Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremiah, Esegïel en die 12 kleiner profete. Hierdie Geskrifte het 'n sterk voorwaarde waaraan hulle moes voldoen. Hulle bevat 'n profetiese teken wat die outeur bevestig (outentiek maak) wie verklaar dat hy in opdrag van God praat. 'n Profeet is 'n persoon wat deur God gebruik word om Sy wil en boodskap aan die mens oor te dra. Die profeet word as outentiek bevestig wanneer hy voorspel dinge gaan in die toekoms gebeur en dit word waar. Die Bybel wat vandag tot ons beskikking is bevat beide hierdie profesieë in die Ou Testament en die volbringing daarvan in die Nuwe Testament.

Wat is die Ketuvim?

Die ander boeke van die Tanakh wat as outentieke Geskrifte beskou is, is boeke soos: Kronieke, Esra, Nehemia, Job, Psalms, en Spreuke omdat daar baie kommentare daarop geskryf is. Hulle inhoud, konteks en inherente boodskap het dit een met die Torah en Neviim. Geen ander geskrif het soveel reaksie ontlok soos hierdie boeke nie. Die Psalms, wat deel uitmaak van die Ketuvim, is 'n versameling van 150 Hebreeuse gedigte, gebede, gesange en meditasies. Alhoewel daar verskeie tipes Psalms is, het hulle iets in gemeen. Dit is die taal van wonderlike ervaring. Die Psalms dateer vanaf meer as 'n 1000 jaar voor Christus.

Hoekom word die Tanakh as outentiek beskou?

Behoud van die oorspronklike Skrif en Boodskap.

Die Tanakh kan in sy geheel in die Ou Testament van die Bybel gelees word. Die Outeur, God self, het die skrywers duidelik geïnspireer om dit te skryf en die kerk het gesorg dat dit suiwer behoue gebly het deur die eeue. Buiten die feit dat verskeie skrywers uit verskillende streke oor verskillende tydperke dieselfde boodskap gedokumenteer het, is daar ander aspekte wat ons die versekering gee dat die Bybel wat ons vandag het, outentiek is.

Dink byvoorbeeld aan die ontdekking van die Dooie See-rolle. Dit is 'n versameling van ongeveer 900 dokumente. Dit is tussen 1947 en 1956 in elf grotte in en rondom Wadi

Qumran naby die murasies van die antieke nedersetting van Khirbet Qumran in Israel ontdek. Hierdie Hebreeuse Geskrifte dateer tussen 150 en 70 voor Christus en sluit die hele Ou Testament in, behalwe die boek Ester. Dit stem 95% ooreen met die Griekse vertalings van die Ou Testament. Die 5% verskil is onbelangrike goed soos spelfoute en dit verander nie die boodskap nie. Die Tanakh is vanaf 250 voor Christus in Grieks vertaal en staan bekend as die Septuagint. Die feit dat die Hebreeuse Dooie See-rolle en die Griekse Septuagint 95% ooreenstem is 'n onomwonde bewys dat die boodskap outentiek behoue gebly het. Die Septuagint wat ons vandag lees, is ongetwyfeld steeds presies dieselfde as die oorspronklike Hebreeuse Skrif. Beide steeds vandag beskikbaar.

Detail wat in die Tanakh aangetref word wys dat dit nie fiksie is nie.

In al die gebeure wat in die Bybel beskryf word kan die volgende waargeneem word:

- Persone waarna verwys word se geslagsregisters is bekend. Dit was werklike persone en nie mitiese figure nie.
- Die gebeure wat beskryf word sluit detail in soos wie teenwoordig was, waar en wanneer dit plaasgevind het, handgebare, ens. Alle gebeure in die Tanakh word op hierdie wyse beskryf en is ongetwyfeld nie fiksie nie.
- Die verhale sluit wonderwerke in wat deur meer as een persoon waargeneem is en gedokumenteer is.
- Duisende kruisverwysings kom in die Skrif voor wat dit 'n profetiese geheel maak vir die persoon wat dit bestudeer.

Gedetailleerde Profesieë wat waar geword het bewys Goddelike openbaring.

Met ander woorde, daar is van buite ons natuurlike bestaan, tyd en ruimte, met ons gepraat op so 'n manier dat dit ongetwyfeld Goddelike openbaring is. Dieselfde tema is aan tot 40 outeurs gegee wat oor meer as 'n duisend jaar, uit verskillende streke, eenstemmig getuig het.

Twee tipes profesieë word in die Ou Testament aangetref:

1) Profesieë oor Israel, sy mense en verwante stede

Meer as 2000 profesieë in die Ou Testament oor die land Israel, sy mense met verwante stede en volke het waar geword.

Hier word byvoorbeeld verwys na profesieë oor bekende stede soos Ninevé (Jona 3), Babel (Jesaja 13), Moab (Jesaja 15), Petra (Jeremia 49:17-18), Tirus en Sidon (Jesaja 23 en Esegieël 26), Jerusalem (Jeremia 24:8-9; 29:21; 35:17; Jesaja 4:3-6), Samaria (Miga 1:5-6) ens.

Gebeure en persone betrokke is ook akkuraat voorspel soos byvoorbeeld die optrede van Antiochus IV (Daniël 11:31), Alexander die Grote (Daniël 1:2-4), Johannes die Doper (Maleagi 3:1), ens.

2) Messiaanse profesieë

Dit is profesieë met betrekking tot die spesifieke Persoon, die Messias. Die woord "Messias" beteken "Gesalfde". Met ander woorde, dit is 'n besondere en spesifieke

Persoon wat 'n belangrike taak kom verrig het. Volgens die Ou Testament is dit 'n spesifieke Persoon wat:

- a) Uit die Saad van van Abraham (Genesis 22:18) deur 'n maagd gebore sal word (Jesaja 7:13-14), die Seun van Isak (Genesis 21:12), die seun van Jakob (Numeri 24:17) uit die stam van Juda (Genesis 49:10 en Miga 5:2) uit die bloedlyn van Isai (Jesaja 11:1, 10) uit die huis van Dawid (Jeremia 23:5). Isai was Dawid se pa.
- b) Hy sal as die Seun van God bekend staan, as teken is Hy gebore uit 'n maagd (Jesaja 7:13-14).
- c) Sy eie volksgenote sal Hom verwerp en Hy sal deurboor (gekruisig) word (Jesaja 53). Let wel, hierdie profesie is gemaak lank voordat kruisiging in gebruik was.
- d) Na drie dae sal Hy uit die dood opstaan (Jonah 1:17 en Psalm 30:4) en versoening tussen God en mens bewerkstellig (Maleagi 3:1-3).
- e) Hierna sal Hy deur Sy Gees in die harte van gelowiges teenwoordig wees om Hom aan hulle te openbaar (Jeremia 31:33).
- f) Hierdie versoeningsdaad sal as banier vir alle nasies staan (Jesaja 11:10; 42:1-7) sodat enige mens die ware God kan ken en in Sy teenwoordigheid kan wees deur geloof (Genesis 22:8-14).
- g) Die profesieë gaan voort en dui daarop dat die Messias weer sal terugkeer (Jesaja 11:11) om op aarde te regeer waarna die nuwe hemel en aarde geskep sal word (Openbaring 20).

Bostaande is slegs 'n paar van die meer as 300 Messiaanse profesieë in die Ou Testament wat reeds waar geword het sodat daar geen twyfel hoef te bestaan nie. Die feit dat die profesieë waar geword het, laat geen twyfel dat dit wat nog voorlê, soos die wederkoms van die Messias, wel gaan plaasvind.

Ooggetuies het die volbringing van hierdie profesieë waargeneem en neergeskryf vir ons. Vandag kan dit in die Nuwe Testament van die Bybel gelees word. Nie alleen bevestig die Nuwe Testament die outentiekheid van die Ou Testament nie, maar bevestig die profesieë in die Ou Testament wie die Messias is, Jesus Christus van Nasaret.

Dink aan die volgende: Dat die Messias aarde toe sou kom (Genesis 3:15); dat Hy in Bethlehem gebore sou word (Miga 5:1); dat Hy van 'n maagd gebore sou word (Jesaja 7:14); dat Hy wonderwerke sou doen (Jesaja 35:5-6); dat Hy vir 30 stukke silwer verraai sou word, die geld na die tyd in die Tempel gegooi sou word en dat daar met hierdie geld grond van die Pottebakker gekoop sou word (Sagaria 11:12-13); dat Hy gekruisig sou word (Jesaja 53); wanneer Hy gekruisig sou word (Daniël 9); detail gebeure en woorde toe Hy aan die kruis vasgespyker was (Psalm 22 en 69); dat Sy bene nie aan die kruis gebreek sou word nie (Eksodus 12); dat Hy uit die dood sou opstaan (Psalm 16:10). Al die profesieë wat in hierdie paragraaf genoem is, is meer as 450 jaar voor Christus in die Ou Testament gedokumenteer en is deur Jesus Christus, wat ongetwyfeld die Messias is, volbring.

Die profesieë wat waar geword het, bevestig die Ou Testament en die Nuwe Testament (met ander woorde: Die Bybel) as God-geïnspireerde Geskrifte. Dit is ook bevestig deur wonderwerke wat om en deur die profete plaasgevind het. Al die baie gedetailleerde profesieë wat God deur hulle gemaak het, het waar geword. Hierdie profesieë is nie lukraak gemaak nie, maar is almal in konteks tot die verlossingsboodskap aan die mens. Hierdie verlossing is volbring deur die Messias. Verlossing in hierdie konteks beteken dat jy God as Persoon leer ken het en vir ewig in Sy teenwoordigheid sal leef.

Ongeveer 750 jaar voor Christus daag God die vals gode en profete uit om te profeteer, en spesifiek oor die Messias. Hulle kon logies nie want hulle ken nie die ware God nie. God wys dan ook daarop dat die Messias sal kom en Hom op aarde sal openbaar:

^{41:26}Wie het dit te kenne gegee van die begin af, dat ons daar kennis van kan neem; of vantevore al, dat ons kan sê: Hy het reg? Ja, daar is niemand wat dit te kenne gee, ja, niemand wat dit laat hoor, ja, niemand wat julle woorde hoor nie. ²⁷As die Eerste sê Ek aan Sion: Hier, hier is dit! En aan Jerusalem gee Ek 'n verkondiger van goeie boodskap. ²⁸En Ek kyk rond, maar daar is niemand nie; en onder hulle, maar daar is geen raadgewer, dat Ek hulle kan vra en hulle antwoord kan gee nie. ²⁹Kyk, hulle is almal niks, hulle werke is niks, wind en nietigheid is hulle gegote beelde. ^{42:1}DAAR is my Knecht wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring." (Jesaja 41:26 – Jesaja 42:1)

Lukas, die skrywer van die Nuwe Testamentiese boek Handelingte, getuig as volg:

¹⁸maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. ¹⁹Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, ²⁰en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, ²¹Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete. ²²Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek." (Handelingte 3:18-22 – sien ook Deuteronomium 18:18)

Hier volg 'n paar aanhalings van die profesieë uit die Ou Testament met betrekking tot die Messias, Jesus Christus, en bevestiging in die Nuwe Testament hoe dit vervul is:

Profesie in die Ou Testament	Nuwe Testamentiese bevestiging
<p>Die Messias gaan as menslike wese op aarde wees.</p> <p>God in gesprek met Satan in die Paradys: Genesis 3:15: <i>"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt."</i></p> <p>Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja in Jesaja 7:14: <i>"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."</i></p> <p>Ongeveer 600 jaar voor Christus profeteer Daniël 7:13: <i>"Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom."</i></p>	<p>God het die maagd, Maria, bevrug om die Messias, Jesus Christus, te baar. Josef, uit die nageslag van Dawid, het opgetree as die aardse vader vir Hom: Matteus 1:20-23: <i>"²⁰Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: 'Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; ²¹en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.' ²²En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: ²³Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem,' dit is, as dit vertaal word: God met ons."</i></p> <p>Kolossense 2:9-11: <i>"⁹Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; ¹⁰en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; ¹¹in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus"</i></p>
<p>Die Messias sal die heerlijkheid van die Vader op aarde verbeeld en as Koning redding bring vir alle nasies:</p> <p>Ongeveer 1000 jaar voor Christus profeteer Dawid oor die Seun van God as Koning: Psalm 2:6-12: <i>"⁶Ék tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. ⁷Ek wil vertel van die besluit: Die Here het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer. ⁸Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. ⁹U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. ¹⁰Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! ¹¹Dien die Here met vrees, en juig met bewing. ¹²Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!"</i></p>	<p>Die apostel Johannes getuig as volg: Johannes 1:14: <i>"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."</i></p> <p>Jesus se woorde aan Sy dissipels: <i>"Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?"</i></p> <p>Die skrywer van die Bybelboek Hebreërs bevestig dat Jesus Christus die wese van God op aarde was:</p> <p>Hebreërs 1:3: <i>"Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte."</i></p>

Die Messias sal in Bethlehem gebore word.

Ongeveer 730 jaar voor Christus profeteer Miga 5:1-2: *"¹EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. ²Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.."*

Vervul ongeveer 730 jaar later, sien Matteus 2:1-2: *"¹En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom ²en gesê: 'Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.'"*

Die Messias sal gebore word uit die nageslag van Dawid.

Isai was Dawid se pa. Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja 11:10: *"En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees."*

Jesaja 9:6-7: *"⁶tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskaars sal dit doen. Die slaande hand van die Here. ⁷DIE Here stuur 'n woord in Jakob, en dit val in Israel;"*

In Romeine 15:12 bevestig Paulus: *"En Jesaja sê ook: 'Die wortel van Ísai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.'"*

Nie net dui baie profesieë in die Ou Testament daarop dat die Messias uit die nageslag van Dawid gebore sou word nie, maar ons sien dit ook bevestig in die geslagsregisters wat in die Nuwe Testament van beide vaderskant en moederskant gegee word: Matteus 1:1-17: Vaderskant en Lukas 3:23-38: Moederskant. Lukas het die Joodse denkwys gebruik om Maria se geslagsregister aan te dui deur telkens te verwys na die manlike figuur. Josef word byvoorbeeld aangedui as die seun van Heli maar laasgenoemde het geen seuns van sy eie gehad nie, met ander woorde, daar word verwys na die skoonseun. Beide die geslagsregisters wys daarop dat Josef nie die genetiese vader van Jesus was nie, maar die wettige (aardse) vader. Matteus 1:16: *"en Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word."* en Lukas 3:23: *"EN Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli,....."*

Baie detail van wat die Messias sou doen en hoe Hy sou optree is geprofeteer:

Kyk byvoorbeeld na die feit dat Hy met die aanvang van Paasfees op 'n donkie die stad Jerusalem sou binnegaan: Ongeveer 450 jaar voor Christus profeteer Sagaria 9:9: *"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."*

Die evangelieskrywers was almal ooggetuies van wat Jesus Christus op aarde gedoen en gesê het. Voorbeelde hiervan is Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Lukas was 'n mediese dokter en het baie moeite gedoen om die gebeure in die regte volgorde neer te skryf. Hy het ook getuig oor die feit dat Christus op 'n donkie in Jerusalem ingery het: Lukas 19:33-35: *"³³En terwyl hulle die vul losmaak, sê die eienaars aan hulle: 'Waarom maak julle die vul los?' ³⁴En hulle antwoord: 'Die Here het hom nodig. ³⁵Toe bring hulle hom na Jesus toe, en hulle lê hul klere op die vul en laat Jesus daarop sit.'"*

Die tydperk wanneer die Messias gekruisig sou word:

Daniël 9:24-26: ²⁴Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. ²⁵Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. ²⁶En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."

Die Messias sou uitgelewer word vir 30 stukke silwer:

Judas Iskariot, wat Hom so verraai het, het berou gekry na die tyd en het die geld teruggebring na die priesters in die Tempel. Die priesters wou nie die geld terugneem nie en Judas het dit in die Tempel gegooi. Die geld is toe geneem om grond by die pottebakker te koop. Ongeveer 450 jaar voor Christus profeteer Sagaria 11:12-13: ¹²Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer. ¹³Hierop sê die Here vir my: Gooi dit vir die pottebakker — die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi."

Ongeveer 450 voor Christus het Koning Darius opdrag gegee dat die Tempel herbou moet word: Esra 6:12: "En mag God wat sy Naam daar laat woon het, elke koning en volk neerwerp wat sy hand uitsteek om dit te oortree, om naamlik hierdie Godshuis in Jerusalem te verwoes. Ek, Darius, gee bevel; sorgvuldig moet dit uitgevoer word."

$$7 \times 62 = 483$$

$$483 - 450 = 33$$

Jesus Christus is gekruisig ongeveer 33 na Christus. Die Tempel is deur die Romeine verwoes tydens 70 na Christus.

Jesus is deur Judas Iskariot verraai vir dertig stukke silwer. Kyk hoe is hierdie profesie vervul ongeveer 450 jaar later: Matteus 26:14-16: ¹⁴Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskariot, na die owerpriesters ¹⁵en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg. ¹⁶En van toe af het hy 'n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer."

Nie net is die dertig silwermuntstukke akkuraat voorspel deur Sagaria nie, maar selfs ook die feit dat die muntstukke in die Tempel gegooi is, en dat die geld later by die pottebakker op geëindig het! Matteus 27:3-7: ³Daarna het Judas, sy verraai, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge ⁴en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien! ⁵En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang. ⁶En die owerpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: Dit is nie geoorloof om dit in die skatkis te stort nie, omdat dit bloedgeld is. ⁷En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge."

Die Messias se bene sal nie aan die kruis gebreek word nie:

Ongeveer 1250 voor Christus is Paasfees ingestel. Die opdrag van die Here aan Moses en Aäron, met betrekking tot die paaslam, was as volg: Eksodus 12:46: *"In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie."* (Sien ook Numeri 9:12)

Die evangelieskrywer, Johannes, wat self by die kruis teenwoordig was, getuig is volg: Johannes 19:32-37: *"³²Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was; ³³maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie. ³⁴Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekome. ³⁵En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo. ³⁶Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie. ³⁷En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteek het."*

Die Messias se woorde aan die kruis en gebeure rondom die kruis:

Die Psalms is die taal van bo-menslike (wonderlike) ervaring en openbaring. Ongeveer 1000 jaar voor Christus skryf Dawid soos volg: Psalm 22:2: *"My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul?"*

Psalm 22:19: *"Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad."*

Psalm 69:22: *"En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink."*

Kyk na Jesus se woorde toe Hy aan die kruis gehang het: Markus 15:33-34: *"³³En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe. ³⁴En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Eloï, Eloï, lamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?"*

Sien ook wat Jesus om Hom sien gebeur het vanaf die kruis. Hierdie woorde is geskryf deur die apostel Johannes wat by Jesus, by die kruis, bly staan het, saam met Maria. Hy getuig dus van wat hy self gesien het:

Johannes 19:23-24: *"²³En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat 'n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe. ²⁴En hulle het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daarvoor werp, wie s'n dit sal wees — sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen."*

Johannes 19:28-30: *"²⁸Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was — sodat die Skrif vervul sou word — het Jesus gesê: Ek het dors! ²⁹En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring. ³⁰En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee."*

Die Enigste Seun van God, die Messias, sal sterf en dat daar duisternis sal wees wanneer Hy sterf.

Ongeveer 760 jaar voor Christus profeteer Amos soos volg: Amos 8:9-10: *"⁹En in dié dag, spreek die Here Here, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is. ¹⁰En Ek verander julle feeste in rou en al julle liedere in klaagsang, en Ek bring op alle lendene 'n roukleed en op alle hoofde kaalheid. En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag."*

Die Messias sal weer uit die dood opstaan:

Ongeveer 1000 jaar voor Christus: Psalm 16:10: "want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie." In die oorspronklike Hebreeuse Geskrifte word hier verwys na die "Heilige Een" wat duidelik nie na Dawid self verwys nie. Dieselfde word gesien in Psalm 4:4.

Sien ook Psalm 30:4: "HERE, U het my siel uit die doderyk laat opkom; U het my lewend gemaak uit die wat in die kuil neerdaal."

In Psalm 22, reeds voorheen aangehaal, kan gesien word dat die kruisiging van die Messias deur Dawid gesien is.

Jona 1:17- 2:2: *"^{1:17}En die Here het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis. Jona in die vis; sy gebed en verlossing. ^{2:1}EN Jona het tot die Here sy God gebid uit die ingewande van die vis ²en gesê: Uit my benoudheid het ek die Here aangeroop, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp — U het my stem gehoor."*

Jesus was God se Enigste Seun op aarde. Tydens Sy lyding aan die kruis het daar vir drie ure duisternis oor die aarde gekom:

Markus 15:33-34: *"³³En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe. ³⁴En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: 'Eloï, Eloï, lamma sabagtáni?' wat, as dit vertaal word, beteken: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?'"* Ons kan selfs vandag nog lees hoe sekulêre skrywers spekuleer oor wat hierdie duisternis veroorsaak het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Thallus.

Op die dag van die Fees van Eerste Vrugte, wat reeds vir 1500 jaar gevier is, het die Messias uit die dood opgestaan as Eerste Vrugte na die ewige lewe: Johannes 20:11-17: *"¹¹MAAR Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe ¹²en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het. ¹³En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. ¹⁴En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie. ¹⁵Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. ¹⁶Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester. ¹⁷Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God."*

Jesus bevestig die Ou Testamentiese Jona as 'n voorspelling van Sy Kruisiging en opstanding uit die dood: Matteus 12:40: "Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees."

50 dae nadat die Messias na die hemel opgevaar het, sal die Heilige Gees uitgestort word:

Ongeveer 1500 jaar voor Christus het die uittog uit Egipte plaasgevind. Soos reeds genoem, is Paasfees daarna ingestel om elke jaar hierdie gebeurtenis te vier op die 14^{de} dag van die Joodse maand Nisan. Vyftig dae daarna, het hulle die wet by die berg Sinai ontvang. Die wil van God is aan hulle gegee. Hierdie dag is elke jaar daarna herdenk as die Fees van Weke. Later bekend geword as Pinkster (Beteiken vyftigste). Gedurende hierdie fees het hulle Skrif geles uit byvoorbeeld: Esegïel 1:4; 3:12 en Habakuk 3:3-5. Hierdie Skrif het profeties gewys op 'n groot gebeurtenis in die toekoms wat met stormwind (krag) en vuur (Lig en openbaring) gepaard sal gaan.

Esegïel 1:4: *"Toe het ek gekyk — en daar het 'n **stormwind** uit die noorde gekom, 'n groot wolk met onophoudelike **vuur**; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter."*

Die profeet Jeremia het geprofeteer dat die wet in die toekoms geestelik aan mense gegee gaan word.

Jeremia 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*

Die Messias sal nie 'n aardse (Levitiese) priester op aarde wees nie, maar sal as die ewige Goddelike Hoëpriester (Melgisedek) optree:

Alleenlik die sondelose en Goddelike Messias kon vergifnis vir die mens se sondes bewerkstellig. Dawid profeteer ongeveer 1000 jaar voor Christus: Psalm 110:4: *"Die Here het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek."*

Vyftig dae nadat die Israëliete uit Egipte verlos is (Paasfees, Nisan 14, gered deur die bloed van die lam) het hulle die wet van God ontvang (die wet dui op God se wil). Dit het hulle gebring by die Fees van Weke. Hulle het dit ook so gevier vir ongeveer 1500 jaar voor Christus. Jesus Christus is op Nisan 14 gekruisig en die Heilige Gees is inderdaad reg op die Fees van Weke uitgestort, vyftig dae na Paasfees. Die dissipels was bymekaar om die Fees van Weke te vier, in groot afwagting, en het toe die Heilige Gees ontvang soos Jesus vir hulle gesê het sou gebeur.

Handelinge 1:7-8: *"⁷En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; ⁸maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."*

Kyk wat het met hulle gebeur reg op Pinksterdag:

Handelinge 2:2-4: *"²En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n **geweldig rukwind**, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. ³Toe is deur hulle tonge gesien soos van **vuur**, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. ⁴En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."*

Hebreërs 5:5-6: *"⁵So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hý het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer. ⁶Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek."*

Hebreërs 9:24-28: *"²⁴Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ²⁵ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, ²⁶want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het*

Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. ²⁷En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, ²⁸so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.”

God is as Persoon by die mens betrokke.

Jy is met 'n doel geskape

Daar bestaan baie menings oor wie God is en hoe 'n mens Hom kan ervaar. Die filosowe soek Hom in die wêreld van die denke. Die panenteïsme wil glo dat God deel is van die natuur, met ander woorde 'n produk van die natuur. Die panteïsme sien ook God as een met die natuur, maar wel die Skepper. Die realiteit van hierdie siening is dat dit die beperkte menslike verwysingsraamwerk ingehok hou tot homself. Soos wat jy nie 'n ander persoon kan leer ken sonder om met hom/haar as persoon betrokke te raak nie, so sal jy nog minder vir God leer ken indien jy nie Sy Persoon eerbiedig en leer ken nie. Iemand se persoon leer jy ken deur woord wat gesprek word (dialoog), karaktereenskappe te ontdek, sy voor- en afkeure te leer ken. Jy moet met die persoon kontak maak deur te luister en sekerlik jou eie emosies kan deel. Daar ontstaan dan 'n verhouding tussen jou en die persoon.

Die Almagtige Skepper het van die vroegste tye af verhoudingswerk met die mens gedoen. Hy het immers die mens geskep na Sy Beeld (Genesis 1:27) met die doel om in 'n besondere verhouding met elke mens te kan wees. Die bekende Dr Ravi Zacharias het gesê: "Dit wat sin gee aan jou lewe hang nie af van wie en wat jy is nie, maar aan Wie jy behoort. Indien jy opsoek is na jou doel in die lewe, vind eers jou Skepper wat jou met 'n doel geskape het."

God het deur die volk Israel en hulle profete Hom aan die mens geopenbaar (Eksodus 31:12-17), boosheid uitgedryf (Levitikus 20:1-5) en verbonde met die mens aangegaan om in verhouding met Hom te kan wees.

Wat is 'n Verbond?

'n Verbond is 'n bindende ooreenkoms tussen twee partye. Beide partye word verbind tot die nakom van spesifieke beloftes gegrond op sekere voorwaardes. Die verbonde tussen God en die mens is monopleuristies en deur God ingestel. God beskik oor prioriteit maar het Hom verbind tot die nakom van die voorwaardes en beloftes. Dit bring ons by die Griekse woord wat in die Septuagint (Griekse vertaling van die Hebreeuse Skrif) gebruik is vir die Goddelike verbond, "Diatheke" (Genesis 15). Dit is waar die een party die voorsiener is en die ander party die ontvanger. Dit verwys ook na 'n testament. Met ander woorde, die ontvanger ontvang nadat die voorsiener afgesterwe het.

Die mens ontvang al die seën as 'n geskenk van Goddelike genade deur geloof in God se beloftes. Wanneer daar gepraat word van "mense van die verbond", sluit dit Israel in wat onder Jehovah (God van verlossing, die Here) se onvoorwaardelike verbonde ingesluit is (Ou Verbond: Deuteronomium 30:20 en profeties die Nuwe Verbond: Jeremia 31:31-34). Dit sluit ook die Kerk in. Die Kerk is die gelowiges in Jesus Christus (Matteus 26:27-28 en 1 Korintiërs 11:25).

Die Hebreeuse werkwoord wat vir verbond oorspronklik in Genesis 15 (Verbond met Abraham) gebruik is, is: "Barah". Dit beteken "om te sny", met ander woorde: bloed het gevloei. Jesus is die volmaakte Lam wie se liggaam verbrysel is en se bloed gevloei het tot ons redding (Sien Jesaja 53 wat ongeveer 750 jaar voor Christus geskryf is). Jesus het die nagmaal ingestel en daarop gewys dat die wyn Sy bloed wat vir ons gevloei het verteenwoordig, en ons dit moet drink tot Sy nagedagtenis. Die brood wat gebreek word, verteenwoordig Jesus se liggaam wat vir ons verbrysel is (Matteus 26:26-28).

Die Goddelike Verbonde is hoofsaaklik in twee kategorieë:

Onvoorwaardelik

- Gebaseer op God se almag en genade vir vervulling
- Geen voorwaardes aan die ontvanger behalwe dat hulle die verbond moet aanvaar en geloof hê in God se beloftes.
- Verbonde met Noag en die met Abraham is voorbeelde hiervan

Voorwaardelik

- Daar is voorwaardes waaraan die ontvanger moet voldoen om die voordele te geniet van die beloftes en vir die verbond om geldig te wees.
- Verbonde in Eden en met Moses is voorbeelde hiervan

Sien gerus vanaf bladsy 114 in die gratis eboek: "Laat die Woord Getuig" bekombaar van www.matthew28.co.za vir 'n breedvoerige beskrywing van die konsep, verbond.

Hier volg 'n opsomming van die verbonde wat God met die mens aangegaan het in die Ou Testament en 'n verduideliking van hoe die Messias dit volbring.

Opsomming oor die verbond	Die mens in konteks tot die verbond	Die verbond en profetiese realiteit	Die Messias
<p>Die Sabbat</p> <p>Deur God ingestel, geseën en geheilig tydens die skepping (Genesis 2:2-3). Die woord Sabbat is afgelei uit Hebreeus wat "om te rus" beteken. Deur die dag te seën en te heilig, beteken dat God hierdie dag afgesonder het vir gewyde gebruik. Hierdie dag verwys op 'n unieke manier na God as die ware Skepper van die heelal. Die fokus is op God, Sy teenwoordigheid en wonderdade. Later is die Sabbat ook uitgesonder om die Israeliete te herinner aan hulle wonderbaarlike redding uit Egipte (Deuteronomium 5:15).</p>	<p>Die Sabbat is van toepassing op alle mense (Jesaja 56:2-7) en is gereeld bevestig, soos byvoorbeeld Eksodus 16:23, Eksodus 20:8-11; Levitikus 23:3; Jesaja 58:13-14, Markus 2:27-28.</p> <p>Dit is ingestel lank voordat die Joodse volk bestaan het. Abraham, die voorvader van die Jode het dit reeds onderhou (Genesis 26:5).</p> <p>Die Sabbat is ingestel om die mens te laat stop waarmee hy besig is en te herinner aan God wat die Skepper is.</p>	<p>Christus is die Een deur wie God alles geskape het (Johannes 1:1-3; Efesiërs 3:9; Kolossense 1:16-17; Hebreërs 1:2-3). Christus is dus die Een wat ook die Sabbat ingestel het.</p> <p>Die hele wêreld se aandag is op God gevestig deur die Sabbat en die uitverkore volk, die Israeliete (Jode) wat daardeur afgesonder is (Eksodus 31:13).</p> <p>Redding vir alle mense en volke kom vanuit die Jode (Johannes 4:22). Die wêreld het die Naam van God leer ken deur die Messias (Johannes 17:17-26) wat volgens die Skrif uit die nageslag van Dawid gebore is (Jesaja 11:10).</p>	<p>Jesus Christus is die Here van die Sabbat (Markus 2:27-28). In Sy teenwoordigheid is die Sabbat volmaak. Sy getroue volgelinge word uitgeken aan diegene wat die Sabbat eerbiedig.</p> <p>Gelowiges in die toekoms sal steeds die Sabbat eerbiedig (Matteus 24:20; Jesaja 66:22-23)</p>
<p>Verbond in Eden en later met Adam</p> <p>(Genesis 1:28-30; 2:16-17) – verantwoordelikheid en volmaakte onderwerping aan die wil van God. Lewe in oorfloed met voorsiening, en in die teenwoordigheid, van God. Ongehoorsaamheid aan God (Sonde) het nie bestaan nie. Daar was volmaakte geestelike eenheid tussen God en mens.</p>	<p>Die mens was ongehoorsaam aan God en het die verbond oortree (Genesis 3:6, Hosea 6:7).</p> <p>Die mens se ongehoorsaamheid tot God het die volgende tot gevolg gehad (Genesis 3:14-19):</p> <ul style="list-style-type: none"> Die geestelike dood (afsondering van God) en fisiese dood het ingetree. 	<p>Die Messias sal kom uit die Saad van die vrou en boosheid oorwin (Genesis 3:15). Hy sal dus as mens gebore word en bekend staan as Immánuel (God met ons) (Jesaja 7:14).</p> <p>Die stede onder Satan se beheer is reeds deur God tot niet gemaak en profeties spreek dit die Satan se finale oordeel aan. Dink aan stede soos Tirus (Esegiël 28:1-19), Sidon (Esegiël 28:20-26) en Babilon</p>	<p>Die Woord van God, die Messias, het mens geword en tussen ons kom woon (Johannes 1:14). Hy het verskyn om die werke van die Satan te verbreek (1 Johannes 3:8) en die Ewige Lewe te bewerkstellig vir die wat in Hom glo (Johannes 6:47).</p>

<p>God se opdrag was dat Adam en Eva nie van die boom van die kennis van goed en kwaad mag eet nie. Sou hulle dit doen sal hulle sterwe (Genesis 2:17).</p> <p>Ongehoorsaamheid aan God (sonde) sou die dood veroorsaak.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die aarde is vervloek en sal dissels en dorings voortbring en die mens sal met moeite daarvan eet • Die mens moet werk om te kan eet tot die dood toe <p>Die Satan in sy rebellie teen God (Jesaja 14:12-16; Esegïel 28:13-17) het mag oor die dood gekry deur die mens tot ongehoorsaamheid in te verlei (2 Korintiërs 11:14; Hebreërs 2:14-16; Openbaring 20:10). Die loon van ongehoorsaamheid aan God (Sonde) is die dood (Romeine 6:23).</p>	<p>(Jesaja 14:1-23). In die boek Openbaring word profeties verwys na die finale oordeel oor die Satan wat deur die bloed van die Lam van God (Jesus Christus) oorwin is (Openbaring 12:9-11).</p>	
<p>Die verbond met Noag</p> <p>Die boosheid van die mens op aarde was baie groot. God het berou gekry omdat Hy die mens geskape het en wou die mens uitdelg (Genesis 6:5-7).</p> <p>God verduur nie boosheid en ongehoorsaamheid nie (Levitikus 20:1-5; Deuteronomium 4:24-26; Matteus 10:28)</p>	<p>Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand (Spreekw 9:10).</p> <p>Noag en sy familie het genade by die Here gevind en is gespaar. Die Here seën die wat Hom vrees (Psalm 115:13). Die Here gaan 'n verbond met Noag en sy familie aan dat alle lewende wesens nie weer deur 'n vloed op aarde uitgedelg sal word nie (Genesis 9:8-17).</p>	<p>Sonde en boosheid is onaanvaarbaar vir God, dit bring skeiding tussen mens en God en lei tot die dood (Romeine 6:23; 1 Johannes 5:18). Gelowiges in die versoeningsdood van Christus verkry die ewige lewe deur genade (Efesiërs 2:8-9).</p> <p>Wêreldse wysheid is geestelik blind, Christus Jesus is wysheid uit God tot geregtigheid, heiligmaking en verlossing (Jesaja 11:1-2; 1 Korintiërs 1:21-31).</p>	<p>Christus, die Regverdige, het eenmaal gely vir die onregverdiges, om ons tot God te bring. Hy wat as mens doodgemaak is, maar lewend gemaak is deur die Gees (1 Petrus 3:18).</p> <p>Die mens kan boosheid oorwin deur te glo dat Jesus Christus die Seun van God is en Sy geboorte onderhou (1 Johannes 5:3-5).</p> <p>Jesus Christus het dit moontlik gemaak vir baie gelowiges om die ewige lewe te kan hê (Hebreërs 2:10; Johannes 6:47).</p>
<p>Die onvoorwaardelike verbond tussen God en Abraham (Genesis 12; 15; 19). Die wyse waarop die verbond bevestig is, was</p>	<p>Die belangrikheid van die Verbond van Abraham kan gesien word in die feit dat die Joodse volk oorleef het in die</p>	<p>Hierdie verbond was die grondslag vir die Jode om as die volk Israel tot stand te kom. Vanuit hierdie volk het die</p>	<p>Die Messias is gebore uit die nageslag van Dawid, wat ook die nageslag van Abraham is (Matteus 1:1). Jesus Christus bevestig dat</p>

<p>getrou aan die antieke gebruik deurdat bloed gevloei het. Die party wat die verbond verbreek moet die pad van die dood stap. Dit is 'n monopleuristiese verbond waar God die Voorsiener is en Abraham die bevoorregte ("Diatheke"). Die volgende is aan Abraham belowe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Groot nageslag • Beloofde land - Grondverbond • Redding vir alle nasies deur Abraham se nageslag – Nuwe Verbond <p>Abraham is begenadig en gered op grond van sy geloof en gehoorsaamheid aan God (Genesis 22:15-18; Romeine 4:1-5, 16-25)</p>	<p>woestyn na die uittog uit Egipte ten spyte van hulle ongehoorsaamheid aan God. Hulle het na die uittog veertigjaar in die woestyn vertoef as straf maar het daarna steeds die beloofde land ingeneem (Grondverbond). Versoening tussen God en mens sal vanuit die Joodse volk (Israel) volbring word om redding vir alle nasies moontlik te maak. So is hierdie verbond dan ook aan Isak bevestig (Genesis 26:24) en aan die twaalf seuns van Jakob wat die twaalf stamme van Israel geword het (Genesis 49).</p>	<p>Messias gekom (Deuteronomium 18:18; Jesaja 11:1-2; Jeremia 23:5). Die hele wêreld se aandag sal gevestig wees op die gebeure in die land Israel (Jesaja 11:12, 25:6-9; Esegïel 36:36) en die finale redding en herstel van Israel (Jeremia 23:5-8, 33:15-16; Esegïel 36:24-38).</p>	<p>redding vanuit die Jode kom en dat Hy self die Messias is (Johannes 4:21-26).</p> <p>Geloof in God die Vader wat Jesus Christus uit die dood opgewek het bring regverdiging (Romeine 4:24 – 5:2).</p> <p>Die wie glo in die Seun van God, Jesus Christus, het die ewige lewe (1 Johannes 5:9-12).</p>
<p>Die voorwaardelike verbond met Moses</p> <p>(Eksodus 20:1 tot Deuteronomium 28:68). Hierdie verbond met Moses bevestig die Verbond met Abraham. Dit is met die Israeliete aangegaan nadat hulle verlossing uit Egipte ontvang het. Dit het gegaan om die heiligheid van God te eerbiedig en dankbaarheid te betoon vir die redding uit Egipte. Dit was 'n poging tot regverdigmaking voor die Heilige God en Skepper.</p> <p>Tussen God en Israel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 10 Gebooie • 613 seremoniële wette 	<p>Die mens verbreek die verbond (Jesaja 24:5) deur ongehoorsaamheid en aanbidding van afgode (Eksodus 32:8).</p> <p>Die menslike priesterdom is ingestel volgens die orde van Aäron – Leviëte. Hulle het as middelaars tussen God en die volk gedien sodat die volk nie verdelg word nie (Eksodus 32:9-10). Offers is al vir eeue deur die mens gebruik om versoening tot God te soek. Die Levitiese priesters het hierdie proses gefasiliteer volgens die wil van God. Die offers was egter slegs</p>	<p>Die Sabbat is die teken van die verbond met Moses – boodskap aan alle nasies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Israel is deur God uitgesonder (Eksodus 31:12-17) • Teken van die uittog (Deuteronomium 5:12-15; Esegïel 20:10-12) <p>Die wet van Moses het die Israeliete laat smag na 'n Verlosser. Die Griekse woord wat gebruik is vir verbond, "diatheke" beteken testament. Iets wat verkry word na die afsterwe van die persoon.</p>	<p>Die Messias het die wet vervolmaak namens die mens. Die wet dien nie meer as middel tot regverdigmaking nie (Galasiërs 2:16). Redding is deur geloof in die Messias alleen, nie werke nie</p> <p>Die Messias se bloed het sonde weggeneem. Sy liggaam is gesny namens die mens – "Barah" (Hebreërs 10:1-4). Hy dien as Middelaar van 'n Nuwe Verbond (Hebreërs 9:13-18)</p> <p>Goddelike Priesterdom volgens die orde van Melgisedek is verweselik in die Messias self. Deur die profete voorspel (Jeremia 31:31-34; Hebreërs 8:8-13) en deur die</p>

<ul style="list-style-type: none"> • Siviele wet <p>Die wet van Moses is as gevolg van die volgende redes aan die Jode gegee:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om 'n heilige verhouding met God daar te stel (Levitikus 11:44; 19:1-2; 1 Petrus 1:15-16) • Vreugde en geborgenheid deur behoorlike gedragsreëls. (Psalm 19:8; Psalm 119:77;97;103-104;159) • Die bied van geleentheid vir aanbidding (Levitikus 23) • Om die Jode te onderskei van ander volke (Eksodus 19:5-8; 31:13) • Om sonde bloot te lê (Romeine 3:19-20; 5:20; 7:7) 	<p>die bedekking van sonde, nie die wegneem daarvan nie</p> <p>Die bloedoffer het sterk na vore gekom. Die bloed verwerk versoening deur die siel (Levitikus 17:10-11)</p>		<p>Messias vervolmaak (Hebreërs 7:11-28). Die skeidsmuur tussen die Jode en ander nasies, tussen God en mens, is afgebreek (Efesiërs 2:14-15).</p>
<p>Grondverbond: Onvoorwaardelike verbond tussen God en Israel</p> <p>(Deuteronomium 29:1 -30:20). 'n Verbreding van die verbond met Abraham.</p> <p>Bevestiging dat die land aan Israel behoort.</p> <p>Nie Palestynse verbond nie. Laasgenoemde naam vir die land is deur die Romeinse keiser Hadrian aan die land gegee gedurende 132-135 n.C. tydens die tweede Joodse opstand onder Bar Kochba in 'n</p>	<p>Israel verbreek die verbond en pleeg geestelike owerspel deur afgodediens. Israel is deur verstrooiing gestraf.</p> <p>'n Opregte hart in gehoorsaamheid ontvang genade (Jeremia 29:8-9).</p> <p>God het eenheid in geloof moontlik gemaak deur Sy verlossingswerk en openbaring deur Israel. Deur hierdie volk is die Bybel vandag beskikbaar wat die mens die waarheid oor God leer (2 Timoteus 3:16-17).</p>	<p>Eienaarskap van die grond is onvoorwaardelik die van Israel maar bewoning hang af van gehoorsaamheid aan God.</p> <p>Die toekomstige herstel en seën van Israel sal onder die Nuwe Verbond plaasvind - nuwe hart (Jeremia 31:31-34; 32:36-41; Esegïel 36:25-27)</p> <p>Die finale redding van Israel sal wees deur geloof in Jesus Christus, die Bruidegom en Verlosser (Jesaja 54:4-8)</p>	<p>Die vraag kan gevra word: "Met watter god is jy besig?" 'n God buite die openbaring van die God van Abraham, Isak en Jakob; dan is dit 'n god as volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Selfaanbidding • 'n God, of gode, wat deur menslike fantasieë uitgedink en aan nageslagte oorgedra is • 'n God wat gehoorsaam is aan die mens en sy wellus • Beslis nie die God wat vir jou die ewige lewe kan gee nie <p>Jesus Christus net 'n Rabbi nie. Hy is vanuit God self (Johannes 8:42),</p>

<p>poging om enige Joodse sentiment aan die land uit te wis.</p> <p>Profeties die voorspelling van:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Redding vir alle nasies deur Israel (29:14-15) - Israel se aanbidding van afgode en gevolglike straf en verstrooiing oor die wêreld (29:17-18) - Israel se uiteindelijke herstel, bekering en terugkeer na beloofde land (30:1-5) - Israel sal 'n nuwe hart kry om die Here lief te hê. Vereiste vir die Nuwe Verbond (30:6) - Seën van Israel in gehoorsaamheid (30:8-10) 		<p>Bepaalde tyd vir die dag van die Here (Romeine 11:25-27)</p>	<p>die Gewer van die ewige lewe (Johannes 6:47). Die Een wat gaan oordeel (Johannes 5:19-24). Hy het nie verniet aan die kruis gesterf en opgestaan nie, die hele wêreld sal tot verantwoording geroep word (Romeine 14:11). You have to deal with this! Die enigste manier om van afgode ontslae te raak, is geloof in Jesus Christus</p>
<p>Die verbond van Dawid</p> <p>Dawid se seun Salomo sal die ewige koningskap vestig en die Tempel bou.</p> <p>Sy ongehoorsaamheid sal straf oor hom bring maar God se goedertierenheid (verbondslojaliteit) sal nie weggeneem word nie (2 Samuel 7:11b-16)</p>	<p>Bepalings van die verbond van Dawid:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ewige ryk (2 Samuel 7:11b, 16; 1 Kronieke 17:10b) • Salomo sou die troon na Dawid bestyg (2 Samuel 7:12) • Salomo sou die Tempel bou (2 Samuel 7:13a) • Onvoorwaardelike verbond. Ten spyte van Salomo se sondes is die ewige koninkryk gevestig (2 Samuel 7:14-15) • Die Messias sal uit die Saad van Dawid kom (1 Kronieke 17:11) 	<p>Die verbond van Dawid is 'n verbreding van die verbond van Abraham.</p> <p>Ewigheid is ingebring met die beloftes van 'n ewige huis, ewige Troon, ewige koninkryk en ewige Afstammeling (Die Messias)</p> <p>Die Messias sal kom uit die nageslag van Dawid om die ewige troon op te neem (1 Kronieke 17:10b-14).</p>	<p>Jesus Christus is gebore as mens (Daniël 7:13; Filippense 2:6-11) van die maagd Maria (Jesaja 7:14; Matteus 1:18) en is God met die mens (Johannes 1:14; Kolossense 2:9)</p> <p>Die Messias sal weer kom (Handelinge 1:11; Johannes 14:3,18,28).</p> <p>Na die wederkoms sal die Messiaanse koninkryk op aarde gevestig word (Openbaring 5:1-10)</p>

	<ul style="list-style-type: none"> Die Messias se koninkryk sal vir ewig bestaan (1 Kronieke 17:12-15) 		
<p>Die Nuwe Verbond (onvoorwaardelik en ewig van krag). Die Here sal met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sluit (Jeremia 31:31-34).</p> <p>Dit is 'n verbond met die hele Joodse nasie, afstammeling van Abraham, Isak en Jakob.</p> <p>Dit is 'n vervanging van die voorwaardelike verbond van Moses wat deur die mens verbreek is. Doen sodat jy geseën kan word. Die Nuwe Verbond beloof die vernuwung van Israel (Jeremia 31:33 en Jesaja 59:21) en is gegrond op genade.</p> <p>Die Nuwe Verbond brei die seën-aspek van die Verbond van Abraham uit met betrekking tot verlossing.</p>	<p>Die Nuwe Verbond doen dit wat die Verbond van Moses nie kon doen nie. Dit maak voorsiening vir die vergifnis van sonde (Jeremia 31:24b).</p> <p>Die inwoning van die Heilige Gees word 'n werklikheid (Jeremia 31:33 en Esegïel 36:27)</p> <p>Die Heiligdom sal herbou word (Esegïel 37:26-28). Die Verbond van Moses het voorsiening gemaak vir die oprigting van die Tabernakel, die Verbond van Dawid het voorsiening gemaak vir die oprigting van die eerste Tempel. Die Nuwe Verbond maak voorsiening vir die oprigting van die Messiaanse of Millenniale Tempel.</p> <p>Die Nuwe Verbond bevat nie die wet van Moses nie, maar die wet van die Messias (Romeine 8:2 en Galasiërs 6:2). Dit wys hoe die geestelike seëninge van die Joodse verbonde oorvloei na die Nie-Jode.</p>	<p>Johannes die Doper sal die Messias as die Lam van God identifiseer. Die Messias is die Engel van die Verbond uit die geslag van Juda. (Maleagi 3:1-4)</p> <p>Met die Nuwe Verbond het die Messias die nuwe Verteenwoordiger geword. Genade en die waarheid het deur die Messias gekom (Johannes 1:17; 8:31-32). Die Ou Verbond van Moses het die mens se onvolmaakte optrede as standaard voorgehou.</p> <p>Die bloed van die Messias het verlossing gebring in die Nuwe Verbond (Hebreërs 8:1-10).</p>	<p>Johannes die Doper identifiseer Jesus Christus as die Messias, die Lam van God (Johannes 1:29)</p> <p>Jesus Christus, die Goddelike Hoëpriester (volgens die priesterorde van Melgisedek – Psalm 110:4; Hebreërs 7:11-13) het as Middelaar kom optree (Efesiërs 2:13-18) om die Nuwe Verbond te volbring (Hebreërs 8:6). Hy het die muur kom afbreek tussen Jood en Nie-Jood sodat die ewige lewe aan almal beskikbaar is wat in Hom glo (Efesiërs 2:8; Johannes 6:47)</p>

God `n Persoonlike Realiteit.

Die wêreld wil hê dat jy moet glo dat alles `n eenheid is. Ons kan sê dat alles verval in een identiteitlose poel in. God moet dan ook een daarvan wees. God moet dan enige identiteit aanneem soos wat dit deur die mens goedgevind word. Die besonderheid en heiligheid van die skepping word ook afgemaak na `n vervalde toestand. Daar moet nie meer grense wees nie, ook nie reg of verkeerd nie. Dit gee dan aan die mens die beweegruimte om sy wêreldbeskouing te manipuleer soos wat hy wil.

"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matteus 7:21).

Vernuwing van denke

Die feit dat jy kan lees, kan dink en `n opinie kan vorm is nie toevallig nie. Jy is so geskep om kennis te kan opdoen, om te kan ervaar en te konseptualiseer. Jy beskik oor `n bewussyn. Jou verwysingsraamwerk word gevoed deur dit wat jy waarneem. Jou denke verwoord jou waarneming sodat jy dit kan verstaan en verbeeld. Jy beskik oor die vermoë om jou af te sonder vir iets besonders en keuses te maak. Dit alles is nie verniet nie.

Wanneer jy slegs met aardse dinge besig is, bly jy beperk tot menslike redenasies, opinies en fantasieë. Wanneer jy met die Woord van God besig is, vind openbaring plaas. Dit hang dus van jou af aan watter koninkryk jou denke behoort. Handhaaf jy slegs `n aardse verwysingsraamwerk van beperkte begrippe en fantasieë, of betree jy God se teenwoordigheid vir openbaring?

God is onsigbaar. Hy is bo die menslike verwysingsraamwerk. Soos `n hond nie kan verklaar waar jy vandaan kom nie, so kan onkundige denke die bonatuurlike God nie verbeeld en leer ken nie.

Die Woord van God het nie slegs deur middel van profete met die mens gepraat nie, maar het Self sigbaar geword op aarde en direk met die mens gepraat. Die apostel Johannes getuig oor Jesus Christus as volg:

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, `n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." (Johannes 1:14).

"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte." (Hebreërs 1:1-3).

God is `n wonderlike werklikheid. Hy wil jou denke vernuwe en Homself aan jou openbaar (Romeine 12:1-2). Hy doen dit deur Sy Gees en gebruik Sy Woord kragtig om dit te doen.

In die Ou Testamentiese tyd het die mens nie die Skrif tot beskikking gehad soos ons vandag nie. Hulle het deur aardse gebruike en rituele toenadering tot God gesoek. Wanneer `n mens toenadering tot God soek, of Sy teenwoordigheid betree, doen jy dit in eerbied tot Sy Heilige Persoon. Ons verwys hierna as aanbidding. Aanbidding is dus `n proses waartydens jy toenadering tot God soek sodat jou denke vernuwe kan word en jy tot kennis van God kan kom. Jy kan nie God beïndruk met wat jy doen nie. God is nie dom nie en Hy ken jou hart (2 Kronieke 6:30). Die beste "ritueel" wat ons vandag kan uitvoer, is om in aanbidding die Woord van God te bestudeer en sodoende deur die Heilige Gees opgevoed word om God te leer ken. Jesus Christus, wat slegs die Woorde van die Vader praat

(Deuteronomium 18:18; Johannes 12:49), praat vandag steeds met ons deur Sy Heilige Gees wat in ons harte woon (Johannes 16:13-14).

Die vraag kan nou gevra word: Wie voed jou op? Hoe stig jy jou lewe? Het jy slegs 'n Christus-bewustheid? Die duiwels het dit ook (Jakobus 2:19). Wat is die verskil tussen jou en 'n duiwel as dit kom by bewustheid oor God? Beide weet dat God bestaan en dat Christus die Seun van God is (Lukas 8:28).

Aan wie se koninkryk behoort jou denke? Jou eie god wat jy geskep het in jou verbeelding en wat optree soos jy dink hy behoort op te tree? Tipies hiervan is die god van liefwees alleen. Die vals Christus. Ook tipies hiervan is die aanbidding van die een of ander vorm in die natuur.

Die Woord sê: *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad."* (Matteus 6:33-34)

"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie." (Jeremia 33:3)

¹³As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, ¹⁴en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees." (2 Kronieke 7:13-14)

Liefde vir God en Sy Heilige Identiteit kom eerste, dan volg wonderlike openbaring:

²³Jesus antwoord en sê vir hom: *As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.* ²⁴Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. ²⁵Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; ²⁶maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." (Johannes 14:23-26)

Skrikwekkend is die besef dat indien jy jou met die leuen besig hou, word jy deur God aan die leuen oorgegee om die leuen te glo. Jy word verblind! (2 Tessalonisense 2:11; Romeine 1:24-27).

In die Bybel kan gesien word dat God die Heiligste Persoon in die heelal is (1 Samuel 2:2). God verwag van die mens wat Sy toenadering soek, om ook heilig te wees (Levitikus 19:2; Efesiërs 4:17-19; Galasiërs 5:16-22). Wanneer gesê word dat 'n mens heilig is, beteken dit dat jy vir God afgesonder is en afstand doen van sonde. Laasgenoemde is onmoontlik vir die mens wat God nie ken nie (Hosea 4:6). Om heilig te wees, vereis kennis van God.

Kennis van God bring verandering in 'n mens se lewe en jou denke.

²³en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed ²⁴en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid." (Efesiërs 4:17-24).

"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." (Romeine 1:2).

Die gemoed van 'n gelowige in Jesus Christus is dus een met sy Skepper, want hy is geskape na die Beeld van God (Genesis 1:26). Die Apostel Johannes getuig van hoe hulle Christus ervaar en leer ken het:

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." (Johannes 1:14)

Ons leer dat wanneer 'n mens die ware God leer ken deur Sy Seun, 'n mens ware liefde ervaar want liefde kom vanuit God. Met ander woorde, liefde kry sinvolle inhoud wanneer jy

God leer ken, die oorsprong uit God as die belangrikste Persoon in ons lewe tot seën van ons naaste.

"Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê." (1 Johannes 4:7-11)

"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus." (Galasiërs 6:2)

Die Heilige Gees woon in die gelowige en word vergestalt in sy/haar lewe:

"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Galasiërs 5:22)

Die gelowige persoon ontvang openbaring van God deur Jesus Christus, hy/sy kry hoop in Jesus Christus vir ewige heerlikheid.

"²⁶naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, ²⁷aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid. ²⁸Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel." (Kolossense 1:26-28)

Ewig Onveranderd Realiteit

Ter voorbereiding van Moses se groot taak om die Israeliete uit Egipte te lei, het God Sy Naam en die betekenis van Sy Naam, "Yahweh", aan Moses verduidelik:

"En God sê vir Moses: Ek is wat Ek is. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: Ek is het my na julle gestuur. ¹⁵Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel mededeel: Die Here (Yahweh), die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag." (Eksodus 3:14-15)

Die betekenis van die Hebreeuse Naam (Yahweh - Here) van God is: "Ek Is". Met ander woorde, Hy Is ewig, Hy Is altyd teenwoordig, Hy Is onveranderd. Hy voorsien. Jy kan op Hom vertrou dat Hy nie sal verander nie. Sy Naam hou redding in van die begin af. God is die Voorsiener. Hy voorsien aan die wat na Hom vra. Hy hou Hom by Sy verbond met Abraham en alle nasies.

Toe Moses geïnspireer was om die Skrif neer te skryf en te getuig oor hoe God die verbond met die aardsvader Abraham aangegaan het, het hy reeds die Naam van God as Yahweh geken. In Genesis 15 is die Naam Yahweh gebruik vir God. In Afrikaans word dit vertaal as "Here" en in Engels as "Lord".

"¹⁸Op dié dag het die Here (Yahweh) met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: ¹⁹die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete ²⁰en Hetiete en Feresiete en Refaïete ²¹en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete." (Genesis 15:18-21)

Die Naam van God wat Hy aan ons gegee het, "Yahweh", is gekoppel aan verlossing, met ander woorde: Betekenisvolle openbaring aan die mens. Sy Naam is ook gebruik tydens die opdrag aan Moses om die volk te gaan lei uit slawerny uit Egipte uit. Beide hierdie gebeurtenisse hou ewigheidswaarde in en is duidelik gekoppel aan God wat Hom aan, en deur, Israel openbaar het.

God se openbaring aan Israel en die verbond wat Hy met Abraham aangegaan het gee aan alle gelowiges, van alle nasies, vandag die versekering dat ons deur geloof ook deel van die belofte is:

"¹En die Here het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. ²En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. ³En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word." (Genesis 12:1-3)

Deur geloof het Abraham genade ontvang. Toe hy opdrag gegee is om sy seun Isak te offer, het God 'n lam voorsien om geoffer te word in die plek van Isak.

"¹²En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. ¹³En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. ¹⁴En Abraham het dié plek genoem: Die Here (Yahweh) sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die Here sal dit voorsien word. ¹⁵Toe roep die Engel van die Here vir die tweede keer na Abraham van die hemel af ¹⁶en sê: Ek sweer by Myself, spreek die Here, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, ¹⁷dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. ¹⁸En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het." (Genesis 22:12-18)

Duidelik het Abraham geglo in die belofte van die verbond wat God met hom aangegaan het: "En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word". Dit kon nie anders nie want die verbond wat God met Abraham aangegaan het, het 'n groot nageslag vir Abraham ingehou. Indien Abraham sy seun Isak sou offer, deur wie sou die nageslag dan kom?:

"²Toe vra Abram: Here Here (Yahweh), wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? ³Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. ⁴Toe kom die woord van die Here tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees." (Genesis 15:2-4)

Net soos Abraham wat genade ontvang het deur geloof in God se Voorsiening, kan ons vandag ook genade ontvang deur geloof in God se voorsiening: Sy Seun Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het vir ons sonde. Net soos God 'n lam voorsien het om in die plek van Isak geoffer te word, so het God Sy Lam, die Messias - Jesus Christus, voorsien om namens die mens die verbond te volbring. Deur die volk Israel het hierdie gebeurtenis 'n historiese feit geword. Dit gee konteks aan die voorafskuings en gebruike wat God onder die antieke volke gedoen het. Dit daag die mite tot die Geheelbeeld, volgens die Geskrifte, die Messias Jesus Christus. God het die Geestelike kalender op aarde geopenbaar. Hy het die Ewige met die natuurlike versoen deur Sy Naam op aarde te openbaar. Hierdie verlossingsdaad daag die hele wêreld tot rekenskap. Geen nabootsing is hier moontlik nie. Ons kan nou beter verstaan wat Jesus Christus bedoel het in Sy gebed:

"²⁵Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. ²⁶En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle." (Johannes 17:25-26)

Watter rol vervul God in my lewe vandag?

Uit bostaande kan ons nou verstaan dat God die Heilige Persoon is wat Hom met ons bemoei. Hy Is deel van ons lewens. Kom ons kyk na drie belangrike eienskappe van God

soos ons Hom in die Skrif leer ken het en hoe Hy vandag nog Persoonlik by ons betrokke is: (Koning, Priester en Profeet):

Die Koning

God is dié Ewige Opperwese. "Ek Is". Hy was, is en sal wees die Koning van die heelal. Daar word gereeld in die Bybel verwys na die Koninkryk van God. 'n Koning is iemand wat oor outoriteit beskik en regeer oor 'n groep mense. Meer as 400 jaar voor Christus profeteer Sagaria as volg: "*Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.*" (Sagaria 9:9).

Jesus Christus is genadiglik en ongetwyfeld hierdie Koning. In Matteus 21:6-9 kan gelees word hoe Jesus ook hierdie profesie vervul het: "*6En die dissipels het gegaan en gedoen soos Jesus hulle beveel het; 7hulle het die esel en die vul gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy (Jesus) het daarop gaan sit. 8En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi. 9En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!*"

Let op dat hierdie gebeurtenis op Nisan 9 plaasgevind het. Reeds vanaf ongeveer 1500 jaar voor Christus het die pelgrims jaarliks op hierdie dag in Jerusalem aangekom ter voorbereiding van die Paasfees. Hulle moes 'n lam sonder gebrek aan die priester gaan aanbied by die Tempel sodat dit as sonder gebrek bevestig kan word. Die lam is dan op Nisan 14 (Paasfees) om 15h00 geslag. Jesus Christus arriveer op 'n donkie in Jerusalem op Nisan 9. Hy is aan Herodus en Pilatus aangebied en hulle het verklaar dat hulle geen fout met Hom vind nie. Hy word op Nisan 14 gekruisig en sterf om 15h00 aan die kruis.

Jesus Christus word dus duidelik in die Skrif gesien as die volmaakte Lam van God. Geen twyfel hoef te bestaan dat Hy dus ook die Woord van God is wat as Koning regeer en oordeel. Die apostel Johannes getuig van die openbaring wat hy ontvang het en wat die engel vir hom gesê het:

"6En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. 7Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou (die gelowiges) het haar gereed gemaak. 8En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. 9Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. 10En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. Oorwinning van Christus oor die dier en die valse profeet. 11Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. 12En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. 13En Hy was bekleed met 'n kled wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God." (Openbaring 19:6-13)

Die Koning is die Goeie Herder (Johannes 10) en is besorgd oor sy mense. Hy is die liefdevolle Bruidegom wat getrou bly aan Sy bruid. Ongeveer 'n duisend jaar voor Christus profeteer Dawid as volg:

"5Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; 6en dié is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop. 7Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte

nie. ⁸Die wet van die Here (Yahweh) is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige." (Psalm 19:5-8)

Jesus Christus verwys na Homself as hierdie Bruidegom: "En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas." (Matteus 9:15)

Getrou aan die gebruik van 'n Joodse bruidegom, gee Jesus Christus, die Goddelike Joodse Bruidegom, die gelowige gemoedsrus: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei." (Johannes 14:2)

God het geleentheid geskep sodat die wat Hom ken vreugde kan vind in Hom. Hy het as Koning die wêreldse kalender kom verander en sodoende hoop vir die toekoms gegee in Christus. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die jaarlikse feeste wat Hy ingestel het. Dit is op spesifieke dae gevier wat Sy openbarings van die verlede herdenk, Sy kragtige teenwoordigheid 'n realiteit maak en toekomstige gebeure profeties in konteks plaas sodat die gelowige sekerheid kan hê oor Sy reddende genade. Die instelling van die feeste kan gesien word in Levitikus 23.

Jesus Christus het al die lente-feeste volmaak volbring en gaan dus ook die toekomstige herfs-feeste volbring. Die eboek "Laat die Woord Getuig" kan gratis van www.matthew28.co.za afgelaai word. Lees gerus die hoofstuk: "Die Messiaanse realiteit in die feeste van die Here" wat breedvoerig die feeste bespreek. Kortliks, let op die volgende belangrike feite: Hierdie feeste is ongeveer 1300 jaar voor Christus ingestel en is jaarliks op spesifieke dae gevier (Levitikus 23). Sien hoe Jesus Christus ook die Sentrale Figuur en die Koning is hierin:

Lente Feeste	
Paasfees – Nisan 14: Paasfees is elke jaar op Nisan 14 gevier om die verlossing van slawerny uit Egipte te herdenk. Tydens die tiende plaag is die bloed van die lam, sonder gebrek, aan die Israeliete se huise se deurkosyne gesmeer sodat die engel van die dood verbygaan (Pass over them). Die paaslam se bloed het dus gevloei tot redding van die mens.	Jesus Christus is gekruisig op dieselfde dag, Nisan 14, en sterf dieselfde uur as wat die paaslam geslag moes word. Hy is die Paaslam wat vir ons sondes gesterf het. Hy het die pad van die dood geloop namens die mens (Johannes 1:29; Openbaring 12:11; Openbaring 21:27 – 22:5).
Fees van eerste vrugte – Nisan 17: Die eerste gerf graan van die lente-oes is aan die Here geoffer. Die eersteling is aan die Here gewy. 'n Beweegoffer as aan die Here gebring.	Jesus Christus, die Enigste Seun van God, is geoffer en staan op dieselfde dag (Nisan 17) op uit die dood en beweeg uit die graf/dood uit. Hy is die Gewer van die Ewige Lewe. Hy is ons Eerste Vrugte na die Ewige Lewe (Matteus 28:1-6).
Fees van Ongesuurde Brood – Nisan 15-21: Suurdeeg verteenwoordig fermentering en sonde in 'n mens se lewe. Geen suurdeeg is gebruik gedurende hierdie fees nie en is verwyder uit hulle huise uit.	Jesus Christus, die Heilige Een, se liggaam het nie ontbind in die graf nie. Hy het ons sonde weggeneem. Hy het uit die dood opgestaan (Psalm 16:10).
Fees van weke – Sivan 6: Sewe weke na Paasfees (7X7=49) op die vyftigste dag (Pinkster) ontvang die volk Israel God se wet by die berg Sinai en is die volk Israel gebore.	Op dieselfde dag word die Heilige Gees op die Apostels uitgestort en die Kerk is gebore (Handelinge 2:1-4).

Herfs Feeste	
<p>Die Fees van Trompette – Tishri 1-2: Die begin van die Joodse nuwe jaar. Met basuingeklank word die Here as Koning gevier. Hy Is! Hy Is die Skepper van die Heelal. Hy Is die Koning ewig teenwoordig in ons lewens. 'n Tydperk van selfondersoek en geestelike groei. Genadiglik is Hy Koning oor al ons probleme. Daar is geen ander God as Yahweh nie. Die blaas van trompette is 'n teken van die wederkoms van Christus en ook 'n herdenking van die Here se genade tot Abraham toe Hy 'n lam voorsien het om, in die plek van Isak, deur Abraham geoffer te word (Genesis 22). Isak is 'n prototipe van Christus. Net soos Abraham sy seun moes offer op die altaar, so het die Here Sy Seun geoffer op die altaar Golgota. Ongeveer 600 jaar voor Christus profeteer Daniël as volg: ¹³<i>Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. ¹⁴En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.</i>" (Daniel 7:13-14).</p>	<p>Sien Jesus Christus se woorde aan Pilatus toe hy vir Jesus vra of Hy 'n koning is: ³⁶<i>Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. ³⁷Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.</i>" (Johannes 18:36-37).</p>
<p>Die Versoendag (Yom Kippur) – Tishri 10: Eenkeer per jaar op hierdie dag het die Levitiese (menslike) hoëpriester die Allerheiligste van die Tempel betree om versoening vir sy eie, en die volk se sondes te doen.</p>	<p>Jesus Christus is die Goddelike Hoëpriester (volgens Melgisedek) wat volmaak versoening tussen God en mens bewerkstellig het (Psalm 110:4; Hebreërs 7:22-25).</p>
<p>Fees van Tabernakels (Huttefees) (Sukkot) - Tishri 15: Die woord "Sukkot" verwys na tente, of tydelike voorwerpe van verblyf. Dit herinner aan die verblyf in die woestyn nadat die Israëliete uit Egipte van slawerny verlos is.</p>	<p>Die Here het vir Hom 'n tabernakel tussen hulle laat bou sodat Sy teenwoordigheid vir hulle 'n realiteit kon wees. Ons het met een Almagtige God te doen wat deur die eeue teenwoordig was. In Jesus Christus het Hy op aarde kom tabernakel. Hy Is Immanuel, God by ons (Jesaja 7:14; Johannes 1:14). Die Heilige Gees is steeds God by ons vandag (Johannes 16:7).</p>

As gelowige kan jy met groot vreugde en sekerheid uitsien na die wederkoms van die Koning. In hoofstukke 8 tot 10 van die boek Openbaring word die "verborge bedoeling van God" geopenbaar met die blaas van die laaste trompet. Sien Openbaring 10:5-7: ⁵*Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig ⁶en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: 'Daar is geen tyd meer oor nie. ⁷Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan*

blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.”

Kyk na Jesus se profesie oor die wederkoms, Matteus 24:30-31: ³⁰*Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. ³¹Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.”*

¹⁴*En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig ¹⁵en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.”* (Markus 1:14-15)

Moet nie dat mitiese verhale en ander gode jou van die Waarheid aflei nie. Die openbaring van God deur die Messias, Jesus Christus, wat duidelik deur die Joodse volk ervaar en vir ons gedokumenteer is, plaas die Bybel dominant op die voorgrond. Die Bybel maak dit vir die mens moontlik om eerstehands die Koninkryk van God te leer ken.

³¹*Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? ³²Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. ³³Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. ³⁴Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.”* (Matteus 6:31-34)

Wanneer Jesus Christus gelykenisse vertel het, was Sy bedoeling om hulle, en dus ons ook vandag, bekend te stel aan die Koninkryk van God. Kyk byvoorbeeld na Sy woorde: *“n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos ‘n man wat goeie saad in sy land gesaai het.....”* (Matteus 13:24)

Die gelowige van vandag het hoop in Jesus Christus (1 Timoteus 1: 1; Romeine 15:13; 1 Petrus 3:15) en sien uit dat die Koninkryk van God op aarde gevestig sal word. Hierdie wonderlike Koninkryk werk heeltemal anders as aardse koninkryke. In plaas van om te moet koop en verkoop, ontvang jy deur te gee (Lukas 6:38). Boosheid word oorwin deur liefde (Romeine 12:19-21). Deur afstand te doen van jou persoonlike probleme en die Koninkryk van God te soek ontvang jy wat jy regtig nodig het, die lewe (Matteus 6:33; Matteus 16:24-25). Ware leiers is die wat ander dien (Matteus 20:24-28). Die grootste Leier ooit op aarde het ons gedien deur te sterf aan die kruis sodat die hele wêreld notisie kan neem van Sy persoonlike liefde vir ons.

⁹*Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. ¹⁰As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly. ¹¹Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word. ¹²Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. ¹³Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. ¹⁴Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.”* (Johannes 15:9-14).

Hy het ons as volg leer bid:

⁹*Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; ¹⁰laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; ¹¹gee ons vandag ons daaglikse brood; ¹²en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; ¹³en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”* (Matteus 6:9-13)

Die liefdevolle Koning duld nie sonde nie. Hy het nasies wat afskuwelike dade gepleeg het (soos om hulle kinders aan afgode te offer: Deuteronomium 18:9-14), voor die Israëliete uitgedryf. Hoe anders moet ‘n liefdevolle Koning nie optree nie? Hy verwoes boosheid. So ook verdryf Sy teenwoordigheid boosheid van ons lewens en neem Hy die troonkamer van ons harte op as Koning.

Die Goddelike Hoëpriester

In die Ou Testamentiese tyd was 'n priester iemand wat offers aan God gebring het namens homself, en die aanbieder, ter vergewing van sonde en aanbidding. Dit was 'n geweldige verantwoordelike proses en die priester is met die dood gestraf sou hy dit ligtelik opgeneem het (Levitikus 10:1-2). Die priester het dus as middelaar tussen God en mens opgetree.

Wanneer jy in respek tot die Persoon van God toenadering soek, openbaar God Hom aan jou (Jeremia 29:13). Dit is 'n wonderlike ervaring. Ons het duidelik met die Almagtige Persoon van God te doen wat 'n wilsbesluit geneem het om Hom met die mens te bemoei. Hy is 'n Persoon wat in verhouding met die mens wil wees en het hierdie verhouding tot heil van die mens geformuleer deur 'n verbond. Om 'n verbond te sluit was 'n antieke gebruik wat die mense van daardie tyd verstaan het. Die Goddelike verbond (Genesis 15) bevat hoofsaaklik twee komponente: Eerbied vir die Heilige Persoon van God en die ewige lewe vir elkeen wat Hom aanneem deur geloof.

Geen god buite die Tanakh sal 'n verbond met sy skepels aangaan en homself daartoe verbind nie, want hy kan dit nie volbring nie. Ander gode buite die Tanakh is dus ontbloot as versinsels.

Soos bo gesien kan word, het die Here herkenbaar betrokke gebly deur die eeue. Hy het die Levitiese (menslike) priesterskap ingestel om toenadering deur die mens tot Homself te orden sodat hulle suiwer opgevoed kon word. Die Levitiese priesters het as middelaars opgetree tussen God en mens. Die menslike priesters was egter onvolmaak en moes herhaaldelik versoening probeer bewerkstellig. Genadiglik, en volgens die Geskrifte (Johannes 5:39), het die Here Sy koninkryk deur 'n menslike bloedlyn (die nageslag van Dawid – Jesaja 11:1-10; Openbaring 22:16) op aarde gevestig en die Goddelike Priesterorde (Melgisedek – Hebreërs 6, 7 en 9) daargestel om finaal die gelowige mens met Homself te versoen. Laasgenoemde is volbring deur die grootste wonderwerk wat ooit op aarde plaasgevind het: die Genadebediening van die Goddelike Hoëpriester op aarde: Die Messias, Jesus Christus. Watter beter Hoëpriester en Middelaar as die Wese van God self (Kolossense 2:9), die Goddelike Bruidegom en Hoëpriester wil jy nie hê om vir jou in te tree by God nie? Jesus Christus, die Gekruisigde. Hy Is die Woord van God wat self mens geword het:

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." (Johannes 1:14)

Meer as 400 jaar voor Christus praat God met die mens en voorspel dat Johannes die Doper die Messias sal identifiseer. Jesus Christus, die Gesalfde, die Lam van God, die besondere Persoon, die Messias, is die Engel van die verbond:

"¹Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskaar. ²Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers." (Maleagi 3:1-2 meer as 400 jaar voor Christus)

In die boek Johannes kan ons vandag lees dat bostaande profesie ook vervul is. Johannes die Doper het die weg gebaan vir die Messias: *"Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"* (Johannes 1:29)

Daar kan net een Engel van die verbond wees, en dit is die wese van God self. Hy is die volmaakte Persoon en ontbloot alle dwaal en twyfel sodat die mens suiwer tot kennis van God kan kom:

"⁸Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte (filosofie) en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die

wêreld en nie volgens Christus nie. ⁹Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; ¹⁰en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag." (Kolossense 2:8-10)

⁶Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. ⁷As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. ⁸Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. ⁹Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?" (Johannes 14:6-9)

Die mens het steeds die keuse: Sterf jy in Christus of sonder Christus? Indien jy die wyse ding doen en Christus as jou Verlosser aanneem, dan het jy die ewige lewe want Christus se Verlossingsdaad het vir jou versoening bewerkstellig met die Vader. Indien jy sonder Christus sterf, gaan jy deur Christus geoordeel word volgens jôu werke en nie die van Christus nie (2 Korintiërs 11:15). Christus is die Enigste Weg na die Vader want jy gaan moet rekenskap gee by Hom oor jou werke, of Sy werke vir jou. Die keuse is joune, Hy het nie verniet aan die kruis gesterf nie.

Ongeveer 1000 jaar voor Christus profeteer Dawid dat die Woord van God: Die Koning, gaan kom, Hy gaan sit aan die regterhand van God, Hy Is die ewige Priester volgens die orde van Melgisédék: ¹Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. ²U magtige septer sal die Here uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande. ³U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe. ⁴Die Here het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédék. ⁵Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn. ⁶Hy sal 'n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land. ⁷Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef." (Psalm 110)

Die skrywer van die Nuwe Testamentiese boek Hebreërs bemoedig die gelowige en gee hoop uit die Woord dat God Sy belofte aan Abraham sal volbring: Christus het namens ons as Hoëpriester deur die voorhangsel beweeg en die Allerheiligste betree en sodoende volmaak ewige versoening bewerkstellig met die Hemelse Vader: ¹⁹en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel ²⁰waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédék 'n hoëpriester geword het vir ewig." (Hebreërs 6:19-20)

¹¹Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ¹²ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring." (Hebreërs 9:11-12)

Die Goddelike Hoëpriester, Jesus Christus, bemoedig die mens om toenadering tot God te soek in Sy Naam: "Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." (Johannes 16:24)

Deur met die Here te versoen verkry jy dit wat groter is as enige aardse redenasie, jy kry die lewe, die ewige lewe. Die Engel van die verbond en Hoëpriester volgens die orde van Melgisédék het versoening vir jou bewerkstellig by God die Vader. Jesus Christus, die Woord van God, sê vir jou: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe." (Johannes 6:47-48)

Die Profeet

'n Profeet is iemand wat die wil van God aan die mens bekend maak. Hy openbaar God deur God se Woord te spreek. Hy sal soms ook die toekoms voorspel. Moses was so 'n profeet en

is kragtig deur God gebruik. Die Goddelike roeping en werke van profete kan ook gesien word soos byvoorbeeld met Jesaja (Jesaja 6), Esegïel (Esegïel 1 en 2) en Daniël (Daniël 1). Al hierdie profete het baie profesieë gemaak wat na hulle tyd in vervulling gekom het. Dieselfde profete se werke sluit baie profesieë oor die wederkoms van die Messias en die eindtyd in. Die feit dat hulle profesieë waar geword het gee hoop en konteks tot die toekoms vir ons vandag.

In Deuteronomium 18:18 kan gesien word hoe God weer met Moses gepraat het en die versekering gegee het dat die Messias sal kom om Sy Woord op aarde sigbaar te maak:

"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel." (Deuteronomium 18:18)

Jesus Christus het bevestig dat dit Hy is wat die profesie volbring en slegs die woorde van die Vader praat. (Johannes 12:49).

"⁴⁹Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. ⁵⁰En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek — net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek." (Johannes 12:49-50)

Let op dat Jesus Christus het nie uit Sy eie gepraat nie, maar alles wat Hy gesê het, was die Woorde van die Vader. Dit het direk van die Vader gekom, Hy is vanuit die Vader, Hy is die Woord van God wat sigbaar as mens op aarde verskyn het:

"⁸Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. ⁹Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? ¹⁰Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke." (Johannes 14:8-10)

"²⁸Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader. ²⁹Sy dissipels sê vir Hom: Kyk, nou spreek U ronduit en gebruik geen gelykenis nie. ³⁰Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het. ³¹Jesus antwoord hulle: Glo julle nou?" (Johannes 16:28-31)

Die apostel Petrus bevestig dat die profeet waarna in Deuteronomium 18:18 verwys word Jesus Christus is en dat Hy weer sal terugkeer: *"¹⁸maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. ¹⁹Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, ²⁰en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, ²¹Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete. ²²Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek."* (Handelinge 3:18-22)

Jesus Christus word as volg deur die apostel Paulus beskryf:

"¹⁵Hy is die Beeld van die on sienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; ¹⁶want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. ¹⁷En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. ¹⁸En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. ¹⁹Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon ²⁰en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele." (Kolossense 1:15-20)

Die Here praat steeds met ons vandag. Sy Woord gaan voort deur Sy Heilige Gees wat in die gelowige woon wat Hom ken.

¹⁶En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: ¹⁷die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. ¹⁸Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Johannes 14:16-18)

"maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." (Johannes 14:26)

Die Israeliete het elke jaar Pinkster gevier op die vyftigste dag nadat hulle uit Egipte verlos is, sodoende was hulle op hierdie dag bymekaar wat ook die vyftigste dag (Pinkster) na die kruisiging was en die Heilige Gees is uitgestort:

¹En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. ²En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. ³Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. ⁴En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek." (Handelinge 2:1-4)

Wonderlik om te besef dat hierdie uitstorting van die Heilige Gees ook profeties akkuraat gebeur het volgens hoe hulle vanaf ongeveer 1300 jaar voor Christus elke jaar op hierdie dag, Sivan 6, gevier het. Hulle het tydens hierdie feesvieringe Skrif gelees uit Esegïël 1:4; Esegïël 3:12 en Habakuk 3:3-5 wat verwys na 'n stormwind en vuur.

Soos reeds gesê is, 'n profeet openbaar die wil van God, hy spreek die woorde van die Vader sodat die mens God kan leer ken. Jesus Christus wil God, die Vader, aan jou openbaar want Hy is die Woord van die Vader:

"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar." (Matteus 11:27)

Die effektiwste manier om by die Woord uit te kom en die Vader te leer ken, is deur die Bybel te bestudeer. En jy kan dit gerus in groot afwagting doen in die Naam van Jesus Christus:

²²Judas, nie die Iskariot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie? ²³Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak." (Johannes 14:22-23)

Die bediening van die Goddelike Hoëpriester, Jesus Christus, neem die troonkamer van jou hart oor. Sy Heilige Gees leef in jou tot 'n sinvolle lewe.

Wat van onsekerheid?

Die mens is geskep met die vermoë om self keuses te maak. Anders sou ons soos robotte opgetree het wat geen sin vir die Skepper maak nie. God is Gees en die mens aanbid Hom in die Gees (Johannes 4:24). Die Gees van God ken die wil van God en openbaar God aan die mens. Hy is 'n realiteit en 'n Heilige Persoon vir die gelowige, maar vreemd vir die ongelowige (1 Korintiërs 2:6-16).

Die mens word in die Skrif aangemoedig om alle dinge te ondersoek deur die Gees van God (Bo-natuurlike openbaring), met die wete dat die Skrif outentiek is (profesieë), en sodoende volkome hoop in Jesus Christus te bekom.

¹⁹Blus die Gees nie uit nie. ²⁰Verag die profesieë nie. ²¹Beproef alle dinge; behou die goeie. ²²Onthou julle van elke vorm van kwaad. ²³En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome

heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!” (1 Tesseloniese 5:19-23)

Die Woord van God is ongetwyfeld aan die mens gegee om objektief kennis van God op te doen en tot geloof te kom (Handelinge 17:10-12; 2 Timoteus 3:16). Wanneer jy die Bybel bestudeer en die Verlossingsplan van God, en uitvoering daarvan beleef, Die Messias, Jesus Christus, staan die Woord vir niks terug nie. Die Woord van God is Geestelike Openbaring van God. Daar is verklarings vir dwaalleer.

Tipiese vrae waarmee mense worstel

Vraag: Wat van Mitologie?

Daar word beweer dat die mitologiese verhale dateer van voor die Bybel. Dit beskryf figure en gebeure wat in die Bybel aangetref word. Selfs ook verlossers wat gekruisig is en opgestaan het. Verhale soos die skepping van die heelal in 6 dae en die vloedverhaal kom ook in die mitologie voor. Dit laat die vraag ontstaan of daar geglo kan word dat die verhale wat in die Bybel beskryf word, ware verhale is.

Antwoord:

Met alle gebeure wat regdeur die Bybel beskryf word is die mense se geslagsregisters beskikbaar, plekke waar dit gebeur het word genoem, mense se handeling word vermeld, ooggetuies was teenwoordig, ens. Meer as een ooggetuie beskryf dieselfde gebeure wat hulle gesien gebeur het. Dit sluit in die kruisiging van Christus, die graf wat leeg was na die opstanding, Christus se verskyning aan mense na Sy opstanding uit die dood en Sy Hemelvaart. Christus het op 'n geleentheid aan meer as 500 mense gelyk verskyn en die outeur daag die mense van daardie tyd uit om dit verkeerd te probeer bewys. Lees gerus 1 Korintiërs 15:1-9 vir 'n getuienis, tussen getuies, oor Christus se verskynings aan baie mense na Sy kruisdood. Die Bybel is beslis nie fiksie nie. Christus se Goddelike verskyning op aarde is 'n historiese feit.

Die Bybel beskryf dus ongetwyfeld ware gebeure, so hoe is dit dan moontlik dat daar in die mitiese verhale ooreenkomste is? Hierdie vraagstuk kan verwarrend wees indien 'n mens die antwoord slegs vanuit die natuurlike en menslike verwysingsraamwerk soek. Daar is baie goeie verklarings hiervoor. Een van die eenvoudigste verklarings hiervoor is dat die vroegste mitologie dateer van ongeveer 800 voor Christus, en daarna. Dus nie lank voor die tyd van die Bybel soos beweer word nie. Baie navorsing is hieroor gedoen en bewyse gelewer wat hierdie teendeel bewys het.

Die belangrike uitgangspunt egter is om te kyk na die bron, of oorsprong van die mitiese verhale. Laasgenoemde kan slegs twee wees: God self, of die een wat teen God is, die nabootser: Satan. Dink aan die volgende:

God, die Skepper, as Bron:

Ons moet beseft dat ons met God wat Gees is, te doen het. Hy is buite tyd (2 Petrus 3:8). Hy het van die vroegste tye af met die mens deur middel van beeldspraak gepraat. Daar word ook na apokaliptiek verwys. Dit was veral nodig vir die mens wat Hom nie geken het nie. Dit is so gedoen in 'n tyd wat mense van daardie tyd mee kon vereenselwig en verstaan. God het logies met ander volke, as die Israëliete, ook gepraat voordat die Bybel geskryf is. Daar bestaan belangrike, en interessante, voorafskuwings van gebeure wat in die argiewe van ander volke aangetref word wat in die Bybel vervolmaak is. Hierdie keer is dit deur die uitverkore volk Israel deur wie die gebeure 'n werklikheid geword het.

Die hoogtepunt is die verlossingswerk van die Messias, volgens die geskryfte (Hebreeërs 1:1-2). Dit was nou nie meer mitiese figure nie, maar werklike persone en die hele wêreld se aandag word daarop gevestig (Deuteronomium 29:24-26; 1 Konings 9:8-9; 2 Kronieke 7:20-22; Jesaja 11:10; Jeremia 16:10; 22:8). Dit maak dit juis baie interessant en bewys

dat die Bybel waar is. Voorafskuwings wat waar geword het, bevestig juis ware gebeure as Goddelik geïnspireerd en dat dit openbarings van God is.

Dink byvoorbeeld aan die boek Daniël wat ongeveer 600 jaar voor Christus geskryf is. Nie alleen voorspel hy akkuraat die jaar waartydens die Messias gekruisig sou word nie (Daniël 9:22-27) maar gee 'n afbeelding van wat sou gebeur, en gebeur het (die ontheiliging van die Tempel deur Antiogus IV) en ook wat ook nog in die toekoms tydens die groot verdrukking gaan plaasvind (Daniel 11:31). Meer kan hiervan gelees word in die gratis boek: "Laat die Woord Getuig", bladsy 176 bekombaar van www.matthew28.co.za

Die apokaliptiese boek Openbaring maak ook wonderlik hiervan gebruik. Dink byvoorbeeld aan die bruilofsfees van die Lam in die hemel (Openbaring 19:7-9). Ongetwyfeld volgens die Geskrifte, vergelyk Jesaja 25:6; Lukas 12:35-41; 13:29 en 22:29-30.

Ons kan vandag ook in die Bybel lees hoe God die mens voorberei het vir die verbond wat Hy met Abraham sou aangaan. Gebruik van die antiek volke om 'n verbond aan te gaan word gebruik in die verbond met Abraham (Genesis 15). Karkasse van diere is gesny, in twee gedeel, teenoor mekaar geplaas en die verbondvennote het tussendeur beweeg. Die pad van die dood word geloop wat 'n refleksie is op wat met dié party sal gebeur wat die verbond verbreek. Dit het sterk konteks gekry in die Messias se liggaam wat gesny is vir alle gelowiges en dat Christus as mens gesterf het in die plek van die mens wat aan die verbond ongehoorsaam was (verwys na besprekings oor verbonde vroeër in hierdie skrywe).

Jesus Christus is beslis nie 'n mitologiese figuur nie. Nie net dui baie profesieë in die Ou Testament daarop dat die Messias die Lam van God is, en uit die nageslag van Dawid gebore sou word nie, maar ons sien dit ook bevestig in Sy geslagsregisters wat van beide vaderskant en moederskant beskikbaar is: Matteus 1:1-17: Vaderskant en Lukas 3:23-38: Moederskant. Die belangrike vir ons vandag is om te kan sê: God het gepraat.

Die Satan as bron

Soos reeds voorheen onder die bespreking van die verbonde genoem, was die Satan 'n engel in die hemel. Die Satan het homself probeer verhef as, en teen God (Jesaja 14:12-16; Esegieël 28:13-17). Onthou, die Satan is geskep deur God as 'n hemelse wese. Hy is nie binne die aardse dimensie van tyd en ruimte nie. Hy het geweet wat gaan kom, en dit is die Messias se oorwinning en die Satan se ondergang (Openbaring 20:10). Die Here wil hê dat die evangelie van die koninkryk aan alle nasies verkondig word voordat die einde kom (Matteus 24:14). Die Satan wil dit so lank as moontlik uitstel.

Die Satan verander homself as die engel van die lig (2 Korintiërs 11:14). Met die wete van sy ondergang en van die versoeningswerk van die Messias, probeer die Satan dit naboots deur mitologie en afgodediens wat hy onder die mens geïnspireer het. Een groot nabootsing is die aanbidding van die sogenaamde Hemelkoningin, die vroulike god. Die oorsprong van die Baälgodsdien deur Kus en sy seun Nimrod, kleinseun en agterkleinseun van Noag (Genesis 10:8-9). Nimrod het sy eie ma, Semiramus, as vrou geneem (wellus) en 'n seun by haar verwek, Tammus. Semiramus word dan uitgebeeld met die stralekrans om haar kop met Tammus op haar skoot. Sy is ook onder vele name voorgestel in die mitologie. Sy word dan voorgestel as die moeder van god. Hierdie god is dan haar seun Tammus wat logies die Messias probeer vervang. In baie uitbeeldings word haar voet op 'n slang se kop geplaas om dan die indruk te skep dat dit haar nageslag is wat die Satan se kop vermorsel, soos wat in Genesis 3:15 vermeld word. Semiramus (die oorspronklike Madonna) is na haar dood aanbid as die Hemelkoningin (Jeremia 7:18; 44:17-19; 44:25). Hierdie Hemelkoningin se insluiting by die mitologie word deur baie beskou as lank voor die tyd van die Bybel. Dit word egter deur die Skrif weerlê omdat haar oorsprong in die Bybel voorkom. Sy was die vrou van Kus, die kleinseun van Noag.

Konstantyn moes ook vir die Hemelkoningin plek maak toe hy vryheid van godsdien ingebring het ongeveer 320 na Christus. Sy word toe voorgestel as Maria met Jesus op haar skoot. Daarom heg die Katolieke tot vandag toe nog goddelikheid aan Maria. Konstantyn moes ook voorsiening maak vir die hoof mitiese god Zeus. Laasgenoemde se verjaarsdag

was op 25 Desember. Dit is toe as Christus se verjaarsdag voorgestel. Die songod Ra moes ook ingebring word. Die Sabbat is toe verander na Sondag, aanbidding van die son.

Onthou, Satan is gees, hy is bewus van dinge wat in die toekoms gaan gebeur. Hy sal sy eie nabootsings inbring, insluitend ander verlossers wat ook gekruisig gaan word en gaan opstaan. Hy probeer die mens se aandag aflei van die verlossingswerk van God.

Een manier wat die Satan gebruik is om die Joodse volk aan te val. Voor Christus het hy hulle probeer uitroei en sodoende te probeer uitstel dat die Messias gebore word. Ons sien dit toe die Farao alle Joodse seuntjies laat doodmaak het (Eksodus 1:15-22). Toe Herodus alle Joodse seuntjies onder twee jaar laat doodmaak het in 'n poging om ook die Messias te dood (Matteus 2:16). Na Christus probeer hy die wêreld laat glo dat die Joodse volk nie 'n uitverkore volk is nie. Die aandag dus weg van die Godheid en uniekheid van die Messias. Hy probeer hulle verwoes deur mense soos Nietzsche, Marx en Hitler. Hy beïnvloed die media om teen hulle verslag te doen. Hoe langer hy die mens ongehoorsaam aan God kan hou, hoe langer stel hy sy eie ondergang uit.

Die vraag kan gevra word: Watter land, en stad, in die wêreld weet almal wat aangaan? Die antwoord is onomwonde: Israel en Jerusalem!

"¹⁰En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees. ¹¹En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see; ¹²en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde" (Jesaja 11:10-12 – 750 jaar voor Christus).

Die doel van hierdie skrywe is nie om op dwaalleer in te gaan nie. Jy kan meer hiervan lees in dokumente soos: "Inleiding tot sektes" en "Dwaalleer Chronologies" bekombaar van www.matthew28.co.za. Moet egter nie tyd mors om hierop in te gaan nie want dwaalleer is daargestel sodat die mens deur die Satan verblind kan word (2 Korintiërs 4:4). Baie interessant is dat die aanhangers van dwaalleer nie vir jou kan sê wat die bron daarvan is nie, want die leuen is inherent daarin, die Satan. Bestudeer baie eerder die Bybel en tree sodoende in ware dialoog met ons Skepper.

Vraag: Is die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament?

Daar word beweer dat die God wat mens in die Ou Testament leer ken is nie dieselfde as die God van die Nuwe Testament nie. Die God van die Ou Testament kom wreed voor en die God van die Nuwe Testament is 'n God van liefde.

Antwoord:

Dit is juis die God van die Ou Testament wat uit liefde opgetree het. Hy het bese volke wat die Baäl godsdienste van wellus aangehang het, en Molog aan wie hulle hulle kinders lewend geoffer het, uitgedryf (Deuteronomium 18:10). Hoe anders sal 'n God van liefde optree? Hy het die volk Israel uitverkies om Homself aan die mens te openbaar en Sy verlossingsplan te volbring. Ingesluit die finale redding van al die Jode (Sien die bespreking oor die Nuwe Verbond vroeër in hierdie skrywe). Sodoende het Hy ook Sy afkeur aan hulle ongehoorsaamheid duidelik gedemonstreer deur hulle te straf wanneer hulle bostaande bese afgodediens aangehang het. Indien 'n mens kyk na die Tien Gebooe wat in Eksodus 20 aan die volk gegee is, gaan dit juis oor liefde vir God en vir jou naaste. Boosheid en liefde is onversoenbaar.

Wat wil die Satan hê jy moet glo?

Die Satan wil tipies hê dat jy glo dat:

- Dat hyself en sy duiwels nie bestaan nie.
- Die Bybel baie mites bevat en dit die Bybel as ongeldig sou verklaar.
- Dat die Seun van God, die Messias Jesus Christus nie uniek is nie.
- Dat God nie die volk Israel uitverkies het nie. Met ander woorde ook dan dat die Messias nie uit die volk Israel sou kom nie.
- Dat dit met 'n uitverkore volk net goed sal gaan. Met ander woorde dat sy boosheid onder hulle verdoesel word en dat versoening tussen God en alle gelowiges op aarde nie 'n werklikheid is nie.
- Dat 'n mens geregverdig word deur goeie daade en rituele. Die fokus met ander woorde weg van die openbaring en verlossingswerk van die Messias. Die werklikheid is dat 'n mens volkome versoening met die Skepper verkry, en ook die ewige lewe, deur geloof in die Messias, Jesus Christus (Johannes 6:47)
- Die Satan wil ook hê dat die mens moet glo dat die Bybel vreeslik baie wette en regulasies voorhou. Die waarheid is dat regulasies en wette wat in die Ou Testament gesien word daargestel was om sonde (Goddeloosheid) te ontbloot deur die volk Israel. Die gelowige van vandag leef onder die Nuwe Verbond en sy/haar hoop is volkome gevestig in Jesus Christus.
- Dat daar 'n "goue lyn" by alle gelowe teenwoordig is. Die werklikheid is dat alle ander gode buite die God van Abraham, Isak en Jakob, nie die Skepper en gewer van die Ewige Lewe is nie.

Dwaalleer van mites en afgode word vinnig ontbloot as feite soos die volgende in gedagte gehou word:

- Die gedetailleerde Messiaanse parallele en profesieë in die Ou Testament wat ongetwyfeld deur Jesus Christus vervul is. Om slegs twee uit meer as 360 te noem: Lees gerus Psalm 22 en Psalm 69 (1000 jaar voor Christus) en sien Christus se kruiswoorde en gebeure rondom die kruis. Lees Sagaria 11:12-13 (400 jaar voor Christus) waar gesien kan word dat Christus vir 30 stukke silwer verraai is, na die kruisiging die geld in die Tempel gegooi is en grond van die Pottebakker daarmee gekoop is.
- Goddelike openbaring deur die volk Israel en dat die Messias uit die nageslag van Dawid (die Israeliete) gebore sou word (Jesaja 11:1-2 – 750 jaar voor Christus).
- Die Goddelike priesterorde van Melgisedek (Psalm 110:4; Hebreërs 5-9). Onnabootsbaar omdat die oorsprong vanuit God self is.
- Die getuienisse van baie mense van Skrifgefundeerde openbarings. Goeie voorbeeld daar van is die van Paulus waar selfs die straatnaam, herkoms en persone se name genoem word (Handelinge 9:11)

Daar is hopeloos te veel profesieë en kruisverwysings in die Bybel rakende die Messias, Jesus Christus, dat iets anders dit kan vervang, of ongeldig kan verklaar nie. Die persoon wat buite die Bybel antwoorde soek, en slegs buite die Bybel, sal in 'n blinde, identiteitlose, mitiese, ruggraatlose en liberale gemaksone vasgevang word (2 Tessalonisense 2). Die Gees van God onttrek van so 'n persoon (Psalm 51:13) en hy/sy kan nie insien dat Jesus Christus die Here is nie (1 Korintiërs 12:3).

Afsluiting

Die gelowige persoon vandag kan met vreugde 'n sinvolle lewe deur te groei in sy/haar verhouding en kennis van God, die Here. Ons gedagtes word gerig om die Vader te verheerlik deur Sy Seun, Jesus Christus (Johannes 14:13). Die dissipel van Christus streef die Persoon van Christus na, eerbiedig die Woord van God en leef 'n vrugtevolle lewe. Sodoende word die Vader verheerlik (Johannes 15:7-8). Die Heilige Gees kom woon in die gelowige (Handelinge 1:8) en voed hom/haar op tot suiwer geloof en kennis van God (Johannes 16:4).

Die gelowige stagneer nie by die bekering tot Christus nie (Hebreërs 5:12-6:2). Sy/haar lewe dra vrug (Jesaja 58:7-14; Johannes 15; Jakobus 2:14-18). Vrugtevolle werke word

eerbied vir die Heilige Persoon van God met die besef dat redding deur geloof kom vanuit God en nie uit menslike rituele nie (Efesiërs 2:8-10).

Die gelowige beleef vreugdevolle hoop vanuit God wat gesetel is in Jesus Christus, die Gewer van die Ewige Lewe (1 Johannes 5:11-12; Romeine 15:12-13; 1 Timotheüs 1) met die versekering dat versoening met God die Vader en saligheid vir ons siele vir ons bewerkstellig is deur die wonderlike ewige verlossingsplan van God (1 Petrus 1:3-12). Die kruisdood en opstanding van Sy Seun, Jesus Christus het wonderlik plaasgevind volgens die Geskifte (Johannes 5:39; Handeling 3:20-21; Romeine 15:4; Hebreërs 1:1-2). Die feit dat dit juis volgens die Geskifte plaasgevind het, bewys die Bybel as God geïnspireerde Woord. Dit kan nie nageboots word nie, ook nie vervang word nie, ook nie bygevoeg word nie (Openbaring 22:6-21). Dit bring elke mense tot verantwoording voor die kruis van Christus (Johannes 14:6; Romeine 14:11-12) wat ongetwyfeld 'n historiese gebeurtenis is.

Die verlossingsplan van God is heilig sigbaar vanaf Genesis tot Openbaring omdat die Seun van God, Jesus Christus, duidelik die Hoofrol hierin vervul. Die gelowige word verlos van menslike wysheid (Kolossense 2:8) en soek wyslik die Aangesig van God (Jeremia 33:3). Die Bybel as Geheel word 'n Heilige Boek van Openbaring.

Bemoedigende en vreugdevolle denke word verkry deur die ware soeke na die wil van God in Sy Woord (Johannes 5:39; 2 Timotheüs 3:16-17; Openbaring 3:20). In alle omstandighede kan die gelowige hom/haar beroep op gesag, en dit is die Woord van God. Dit word 'n unieke (Heilige) dialoog tussen God en die gelowige met historiese konteks, wonderlike openbaring en toekomstige hoop. Hierdeur word die werke van die Satan soos dwaalleer en tydmors, om jou fokus weg te neem van die Seun van God af, ontbloot. Goddelike vreugdevolle dissipline word 'n ewige realiteit (Johannes 16:24). Die fokus is eerder op die Gewer van die ewige lewe, Jesus Christus (Johannes 6:47) wat, volgens die Geskifte, weer gaan kom om jou te kom haal.

Lees gerus die wonderlike uitnodiging van God wat aan jou gerig is reeds 750 jaar voor Christus:

"¹O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! ²Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. ³Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid. ⁴Kyk, Ek het hom tot 'n getuie van die volke gemaak, tot 'n vors en 'n gebieders van die nasies. ⁵Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, ter wille van die Here jou God en van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het. ⁶Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. ⁷Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. ⁸Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here. ⁹Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. ¹⁰Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter; ¹¹so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur. ¹²Want met vreugde sal julle uittrek en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal voor julle in gejubel uitbreek, en al die bome van die veld in die hande klap. ¹³Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan; en dit sal vir die Here wees tot 'n naam, tot 'n ewige teken wat nie uitgeroei sal word nie.'" (Jesaja 55:1-13).

God wat volgens die Tanakh (Ou Testament) mens geword het deur die nageslag van Dawid (die volk Israel), Jesus Christus (Jesaja 11:1-2; 7:14) kom gee jou die volgende versekering:

"¹LAAT julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. ²In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. ³En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:1-3).

*"²⁴Die Here sal jou seën en jou behoed; ²⁵die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; ²⁶die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee."
(Numeri 6:24-26)*